

GRAIN SA
GRAAN SA

# Die Graan- en Oliesadebedryf van Suid-Afrika

# 'N REIS DEUR TYD

## HOOFSTUK 2

# 2 Die vorige BEMARKINGSBEDELING

Kommersiële graanverbouing in Suid-Afrika het eers vanaf die laaste gedeelte van die negentiende eeu momentum gekry na die ontdekking van goud en diamante in die land. Aanvanklik het 'n totale vryemarkstelsel gegeld, maar vanaf die vroeë tot middel 1930's was die bemarking van die meeste graanprodukte in Suid-Afrika vir sowat 60 jaar lank onderhewig aan statutêre beheermaatreëls, met beheerrade, skemas, poele en ander intervensies deur die Staat.

Reeds voor die aanvaarding van die eerste wetgewing hieroor in 1938, was daar hewige debat oor en kritiek teen die instellings van die maatreëls. Die debat het nooit werklik opgehou nie en het uiteindelik in 1996 gelei tot die herroeping van die statutêre beheermaatreëls en die terugkeer na 'n vryemarkstelsel.

## ONTSTAAN VAN BEHEERDE BEMARKING

Die tydperk onmiddellik na die beëindiging van die drie jaar lange Tweede Boereoorlog tussen Brittanje en die Boererepublieke was gekenmerk deur bykans haglike omstandighede in die boerderygemeenskappe van veral die destydse Transvaal en Vrystaat – plase was verlate, die grootste gedeelte van Suid-Afrika se landbougrond was onbewerk en grootliks verwoes, die gesinslewe van landbouers was wesenlik ontwrig en groot armoede het in boerderygemeenskappe geheers. Produsente moes in die meeste gevalle uit niks 'n begin maak, met uiters beperkte hulpmiddels en baie primitiewe tegnologie en boerderymetodes.


### Koöperatiewe beweging

Hierdie omstandighede was waarskynlik die grootste beweegrede vir die stigting van koöperatiewe verenigings vanaf ongeveer 1908. Op daardie stadium het veral mielieproduksie redelik vinnig en suksesvol toegeneem, maar produsente was op hulself aangewese om hulle oeste te bemark. Hulle het oor die algemeen nie baie besigheidservaring gehad nie en is deur gesoute handelaars uitgebuit. Dit het met verloop van tyd gelei tot 'n bewuswording van die noodsaaklikheid om koöperatief te beding en in 1908 is die Transvaalse Koöperatiewe Wet, 17 van 1908, aangeneem om vir die stigting en regulering van koöperasies voorsiening te maak. In 1910 is 'n soortgelyke wet in die Oranje-Vrystaat aangeneem en in 1922 is die eerste koöperatiewe wet van die Unie van Suid-Afrika daargestel, naamlik die Wet op Koöperatiewe Verenigings.


Dié koöperatiewe wette was in werklikheid die eerste stappe in die daarstelling van beheerde bemarking. Die koöperasies, waarvan slegs produsente lede kon wees, se hoofdoel was om ondersteuning aan produsente te bied in terme van die bemarking van hulle produkte en die voorsiening van insetmiddels, voorligting en later ook finansiering. Hoewel die Staat instrumenteel was in die stigting van koöperasies deur die daarstelling van die eerste koöperatiewe wet, was die koöperatiewe verenigings van die vroegste dae af in werklikheid produsente-organisasies: Die lede sowel as direkteure daarvan was almal bona fide-produsente.




**MEER AS 'N EEU LATER IS GRAAN SA, DIE BELANGRIKSTE LIGGAAM WAT DIE BELANGE VAN GRAAN- EN OLIESADEPRODUSENTE IN SUID-AFRIKA AAN DIE BEGIN VAN DIE 21STE EEU BEVORDER, STEEDS 'N ORGANISASIE MET DIE BELANGE VAN PRODUSENTE AS HOOFFOKUS.**




**Grafiek 1: 1910 – Landbou se bydrae tot totale BBP vir Suid-Afrika**




**Grafiek 2: 1910 – Persentasie bydrae tot landbou-BBP in Suid-Afrika**




**Grafiek 3: Plase in Suid-Afrika, 1910 en 2007**

Vir ongeveer 25 jaar nadat die stigting van koöperasies momentum gekry het, is produsente se graan hoofsaaklik deur die koöperasies bemark. In die geskiedkundige rekords van sommige van die koöperasies van daardie tyd lees 'n mens van probleme as gevolg van droogtes, misoeste, onstabiele pryse, probleme wat deur invoer van graanprodukte en verkoop van graan buite-om die koöperasies veroorsaak is, en ander praktiese probleme wat die graanbedryf ervaar het.


Die Staat het die hoop gekoester dat die koöperatiewe beweging sou bydra om die graanmark te stabiliseer deur geordende bemarking van hul lede se produkte. Dit het vir verskeie redes egter nie gebeur nie, waarvan sommige 'n paar dekades later in die vryemark weer kop uitgesteek het. Produsente het byvoorbeeld produksiekrediet by die koöperasies gekry, maar dan nie die oes aan die koöperasie gelewer ten einde die skuld terug te betaal nie.

Die stelsel het wel in normale tye redelik goed gewerk, maar tydens die Groot Depressie van die vroeë 1930's het dit onder geweldige druk gekom. Pryse het gedaal en in die geval van mielies was koöperasies genoodsaak om tot 'n groter mate self mielies in te koop; soveel so dat koöperasies in 1933 sowat 60% van die mielies wat bemark is, hanteer het. Dit het in tye van oorskotte tot gevolg gehad dat die plaaslike prys van mielies gestyg het, omdat oorskotte teen verliese uitgevoer moes word en die binnelandse prys die uitvoerverliese moes help dra.

Hierdie en ander probleme het waarskynlik aanleiding gegee tot die stigting van die "Centraal Agentschap" met die doel om, onder andere, mededinging tussen die koöperasies te verminder, veral ten opsigte van graanbemarking. Daar is nie veel inligting oor daardie organisasie beskikbaar nie, maar dit was waarskynlik 'n tipe van sentrale koöperasie en is in 1935 gelikwideer, wat daarop dui dat dit nie baie suksesvol was om die probleme van die tyd op te los nie.

Reeds voordat die Centraal Agentschap gelikwideer is, het sekere van die koöperasies besluit om die instelling van 'n statutêre eenkanaalbemarkingstelsel vir graan te versoek. Na aanleiding daarvan is 'n Kommissie van Ondersoek insake Samewerking en Landboukrediet in 1934 ondervoorsitterskap van dr PR Viljoen, die Sekretaris van Landbou, aangestel met die doel, onder andere, om te bepaal watter rol koöperasies in die bemarking van landbouprodukte moes speel.

Die Kommissie het sterk standpunt ingeneem teen die instelling van enige vorm van statutêre eenkanaalbemarking, omdat dit noodwendig sou lei tot die vasstelling van pryse op hoër vlakke as wat markfaktore sou regverdig. Die Kommissie



**Sakstapeling.**





**'n Ou dorsmasjien.**

het gemeen dat prysvasstelling sonder inagneming van al die faktore wat vraag en aanbod bepaal, oorskotproduksie in die hand kon werk. Die Kommissie was verder van mening dat die bestaande probleme in die bedryf deur middel van die handel opgelos moes word en het aanbeveel dat 'n adviesraad ingestel word om die Minister van Landbou oor sake rakende die mieliebedryf te adviseer.


## Statutêre beheer ingevoer

Ten spyte van die sterk standpunt wat die Kommissie teen inmenging in die vryemarkstelsel ingeneem het, het die Minister van Landbou mettertyd die siening gehuldig dat dit wys sou wees om permanente en gespesialiseerde beheerrade met groter magte in te stel sodat hulle 'n stabiliserende rol ten opsigte van pryse en die bestuur van voorrade kon speel. Benewens al groter-wordende druk uit produsentegeledere vir beheer, het faktore soos die haglike finansiële posisie van produsente, skerp prysskommeling en die stabiliserende effek wat beperkte staatsbetrokkenheid in die bemarking van botter, kaas, tabak en wyn gehad het, blykbaar die Minister van Landbou se siening beïnvloed. Daarbenewens het leiers in hulle denke begin om te aanvaar dat Suid-Afrikaanse produsente die eerste reg op die binnelandse mark gehad het en op stabiele, lonende pryse geregtig was.

Dit blyk dat nie al die destydse koöperasies die gedagte van beheerde bemarking gesteun het nie en dat sommige ekonome van mening was dat die finansiële hulpbronne wat landbou benodig het, meer winsgewend deur ander sektore, soos die mynbedryf, gebruik kon word. Andere was weer die mening toegedaan dat landbou ontwikkel moes word ten einde tot die langtermyn volhoubaarheid van die Suid-Afrikaanse ekonomie by te dra.

Vanaf die einde van 1931 het die Regering reeds begin om die uitvoer van graanprodukte te subsidieer, wat in wese die begin was van graanprysbeheer in Suid-Afrika. Verskeie verwikkelinge in die mielie- en koringbedryf het ook daarop gedui, soos later in die hoofstuk duideliker sal word.

Ten spyte van die kritiek en teenstand, ook in navolging van maatreëls wat in ander lande ingestel is om die gevolge van die groot droogte in die VSA, Australië en Afrika, en die wêreldwye depressie van 1932/1933 teen te werk, het die Parlement uiteindelik in 1937 'n Bemarkingswet, Wet 26 van 1937, goedgekeur wat die weg vir eenkanaalbemarking gebaan het. Dit was 'n magtigingswet wat voorsiening gemaak het vir die instelling van 'n Nasionale Bemarkingsraad en vir die skepping van skemas vir die beheer van produksie en die bemarking van landbouprodukte



Act No. 26 of 1937.

Date of commencement — 30th April, 1937*

ACT

**To provide for the regulation of the production and sale of agricultural products, for the establishment of certain boards in connection therewith, for the grading and standardisation of agricultural products, for the establishment of a national mark and for matters incidental thereto.**

*(Assented to 29th April, 1937.)*
*(Signed by the Governor-General in English.)*

BE IT ENACTED by the King's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

1. In this Act, unless inconsistent with the context — Definitions.
"consumers' committee" means the Consumers' Advisory Committee mentioned in section *ten*;
"co-operative society" or "co-operative company" means any co-operative agricultural society or co-operative agricultural company registered under the law relating to co-operative societies and companies;
"marketing council" means the National Marketing Council mentioned in section *two*;
"Minister" means the Minister of Agriculture and Forestry or any other Minister of State acting in his stead; **Act No. 26 of 1937.**
"producer" means any person who produces any product and, for the purpose of the application of any scheme which is in operation in terms of this Act, includes any person concerned in the production of any product to which that scheme relates and defined in that scheme as a producer;
"producers' committee" means the Producers' Advisory Committee mentioned in section *eight*;
"product" means —
(a) barley, chicory, any kind of fresh fruit, any kind of fried fruit, groundnuts, kaffircorn, lucerne, lucerne seed, mealies and mealie products, wheat and wheaten products, oats, tobacco, any kind of vegetables, wattlebark and wattle extract;

**Die Wet wat eenkanaalbemarking ingestel het.**





**Gradering van mielies.**

**TEEN 1976 HET 23 BEMARKINGSRADE BESTAAN WAT OOR MEER AS 90% VAN SUID-AFRIKA SE LANDBOU-UITSETTE, INSLUITENDE DIE ROOIVLEISBEDRYF, BEHEER UITGEOEFEN HET. DAAR IS OP 'N STADIUM NA DIE WET VERWYS AS DIE *MAGNA CARTA* VAN LANDBOU IN SUID-AFRIKA.**



deur rade wat onder beskerming van die Wet gefunksioneer het. Dit het feitlik al die vertakkings van landbou in Suid-Afrika in 'n mindere of 'n meerdere mate geraak.

Die belangrikste oogmerke met die Wet sowel as die Wet wat dit later vervang het, was om bestendigheid in die pryse van landbouprodukte te bevorder, produktiwiteit in die boerderybedryf te verhoog en die doeltreffendheid van bemarking, verwerking en verspreiding van landbouprodukte te verbeter.

Verskillende beheerrade is vir die verskillende landbouprodukte ingestel. Die afsonderlike beheerrade het skemas ten opsigte van die produkte onder hulle beheer ontwikkel en aan die Nasionale Bemarkingsraad voorgelê. Die Nasionale Bemarkingsraad het dan die skema, of voorstelle vir die wysiging van bestaande skemas, oorweeg en 'n aanbeveling daaroor aan die Minister van Landbou voorgelê wat die finale besluit daaroor geneem het.

Die eerste Bemarkingswet is in 1968 deur 'n nuwe Bemarkingswet (Wet 59 van 1968) vervang, wat hoofsaaklik 'n konsolidasie was van verskeie wysigings wat met verloop van tyd aan die 1937-wet aangebring is. Die 1968-wet het in werking gebly totdat dit op 1 Januarie 1997 deur die Wet op Bemarking van Landbouprodukte, Wet 47 van 1996, herroep is, wat die einde van beheerde bemarking en die begin van die vryemarkstel vir landbouprodukte ingelui het.

## Rol en funksies van beheerrade

Die beheerrade het prysskemas bedryf wat gewissel het van eenkanaal vasteprysskemas en eenkanaal poelskemas tot surplusverwyderingskemas. Die meerderheid lede van die Bemarkingsrade was produsente, maar dit het ook verteenwoordigers van ander belangegroepe, soos verbruikers en verwerkers, ingesluit.

Die hoofoogmerke met die Bemarkingswet was om, na die oordeel van die Regering, 'n meer vaartbelynde en ordelike landbou-omgewing te vestig, sodoende groter stabiliteit in die pryse van landbouprodukte te bevorder en die gaping tussen die produsenteprys en die verbruikersprys deur middel van rasionalisasie te verklein. Die bedoeling was om die produktiwiteit van die landbou-industrie en die effektiwiteit van die verwante industrieë te verhoog deur middel van bemarkingskemas wat volgens die spesifieke behoeftes van die verskillende produkte ontwikkel is. In dié bedeling is die funksies van prysvasstelling en prysrisikobestuur deur 'n paneel deskundiges vervul wat die inligting en regte tot hulle beskikking gebruik het om pryse vas te stel met die oog op die bevordering van die doelwit om groter stabiliteit in landbou te bewerkstellig.

Produsente het egter van meet af aan gekla dat pryse nie hoog genoeg vasgestel was om die armer produsente se oorlewing te verseker nie en dat slegs groot produsente, wat oor die vermoë beskik het om hul produksie te verhoog, daarby gebaat het. Deur middel van die produsente se politieke invloed het hulle daarin geslaag om groter beheer oor die bemarkingstelsel te verkry as wat die amptenare wat die instelling van beheerrade voorgestaan het, voorsien het. Ekonome en teenstanders van beheerde bemarking, daarenteen, het gemeen dat produsentepryse oor die algemeen hoër as markwaarde vasgestel was, wat tot oneffektiwiteit en onproduktiewe praktyke aanleiding gegee het.

Ten spyte van die weerstand en kritiek, het beheerrade vir die landboubedryf in Suid-Afrika vir sowat 60 jaar voortbestaan.

## DIE BEHEERRADE IN DIE GRAANBEDRYF

Die eerste beheerrade wat onder die Wet gefunksioneer het, was die Mielieraad en die Koringraad. Die rol en funksies van die beheerrade was in wese dieselfde vir die verskillende produkte wat onder hulle beheer geplaas is. Die belangrikste rol was waarskynlik die vasstelling van en beheer oor pryse. Die Rade het egter nie self die pryse vasgestel nie, maar het voorstelle daaroor aan die Nasionale Bemarkingsraad voorgelê, wat dan 'n aanbeveling aan die Minister van Landbou gemaak het.

Die Nasionale Bemarkingsraad is uit staatsamptenare saamgestel en was volgens die verslag van die Kassier Komitee nie altyd neutraal nie, wat daarop sou dui dat

pryse nie altyd ekonomies regverdigbaar was nie. Die Minister het uiteindelik oor die pryse besluit, wat by verskeie geleenthede tot groot ontevredenheid onder veral mielieprodusente gelei het, omdat die Minister nie die produsentepryse wou aanvaar soos deur die Mielieraad voorgestel nie.

## Mielies

*Die volgende tabel bevat 'n samevatting van die belangrikste momente in die geskiedenis van beheer oor en geleidelike deregulering van die mieliebedryf in Suid-Afrika:*

| | |
|---|---|
| 1931 | Mieliereëlingswet – uitvoerkwotas |
| 1935 | Mieliereëlingswysigingswet, Mielie-adviesraad aangestel, beheer oor die uitvoer van mielies |
| 1937 | Bemarkingswet |
| 1938 | Eerste Mieliereëlingskema ingevolge die Bemarkingswet daargestel, gewysig vanaf 1 Mei 1939 |
| 1944/1945 | Begin van eenkanaalbemarkingstelsel vir mielies |
| 1953 | Stigting van Mielieraad se Stabilisasiefonds |
| 1979 | Somergraanskema |
| 1987 | Somergraanskema word eenkanaalpoelskema |
| 1994/1995 | Deregulering begin met die implementering van 'n surplusverwyderingskema, vloerprys en uitvoerbeheer |
| 1995/1996 | Gedeeltelike vrystelling van uitvoerverbod aan die handel – die Mielieraad bestuur uitvoerpoele |
| 1996/1997 | Mieliebemarking in geheel gedereguleer |
| 1997 | Mielieraad beëindig operasionele funksies |

Die owerheid se bemoeienis met die mieliebedryf was aanvanklik daarop gemik om probleme as gevolg van klimaatsfaktore te ondervang. Die eerste daarvan was in 1916 in die vorm van lenings vir die aankoop van vee, saad, gereedskap en kunsmis en later ook vir veevoer en vervoerkoste van vee.

Gedurende die 1920's het produsente oor die algemeen goeie pryse vir hulle mielies gekry, ten spyte van 'n redelike hoë aanbod as gevolg van goeie oeste. Teen 1930 en 1931, met die Groot Depressie, het mieliepryse wêreldwyd egter dramaties gedaal, wat tesame met goeie oeste in die 1931/1932-seisoen geweldige afwaartse druk op



**Die westelike vleuel van die Uniegebou, waar die eerste Mielieraadsvergadering gehou is.**





die plaaslike mielieprys uitgeoefen het. Uitvoerders was nie direk by die produksie van mielies betrokke nie en het geen insentief gehad om die oorskot uit te voer wanneer buitelandse pryse gedaal het nie. Die posisie was so benard dat dit eintlik net twee opsies gelaat het – Staatshulp of versterking van gesamentlike bemarking.

### *1931-kongres*

Op 10 Junie 1931 het die Landbouweekblad berig oor 'n kongres waar afgevaardigdes van meer as 'n honderd boereverenigings uit die mielieproduserende gebiede van die destydse Transvaal en Oranje-Vrystaat vergader het om oor maatreëls ter verbetering van die bedenklike toestand waarin die mieliebedryf hom bevind het, te besin. Die voorsitter van die vergadering het verduidelik dat dit belê was om 'n uitweg te probeer vind om die mieliebedryf van ondergang te red. Op daardie stadium, egter, was mielies nog nie 'n erkende landbouproduk nie en 'n dringende beroep is op die Regering gedoen om mielies as sodanig te erken, terwyl produsente aangemoedig is om by koöperasies aan te sluit ten einde die bedingingsmag van die koöperasies by die Regering te verhoog.

By dié kongres het die destydse waarnemende Sekretaris van Landbou aangekondig dat die Regering maatreëls oorweeg het om die mieliebedryf te ondersteun. Dit sou insluit die verwydering van die oorskot mielies uit die land, 'n verdeling van die uitvoerverliese tussen handelaars en koöperatiewe verenigings en stabilisasie van die binnelandse mark.

### *1931 – Mieliereëlingswet*

Van die eerste stappe wat die Staat geneem het om die plaaslike mieliepryse (wat op daardie stadium bepaal is deur die uitvoerprys min vervoerkoste) te ondersteun, was deur uitvoerkwotas wat ingevolge die Mieliereëlingswet van 1931 ingestel is.

Die kwotastelsel het plaaslike kopers verplig om 'n gedeelte van die uitvoerbare oorskot mielies aan te koop en uit te voer, somtyds selfs teen 'n verlies, waarop hulle 'n subsidie van die Staat ontvang het. Op hierdie wyse is gepoog om 'n kunsmatige tekort in die binneland te skep, ten einde beter mieliepryse oor die kort termyn vir die plaaslike produsente te verseker en plaaslike prysvlakke los te maak van internasionale prysvlakke wat as gevolg van die Groot Depressie met tot 50% gedaal het.

Die maatreëls het egter in die praktyk verskeie probleme opgelewer. Eerstens moes die kwotas op die basis van vroeë oesskattings bepaal word. Tweedens moes die kwotas vir praktiese redes verhandelbaar wees, wat tot 'n groot spekulatiewe mark gelei het en omdat die Staat die koopprys van die kwotas gewaarborg het, het dit in sommige jare wesenlike verliese vir die Staat tot gevolg gehad. Dit het toe ook duidelik geword dat selfs verpligte koöperatiewe bemarking, in terme waarvan produsente sedert 1931 hulle mielies slegs aan gelisensieerde handelaars kon verkoop, nie die mielieprys kon stut nie, omdat koöperasies teen mekaar meegeding het met die gevolg dat die binnelandse prys na uitvoerpariteit gedaal het.

**IN 1931, DIE JAAR WAARIN DIE MIELIEREËLINGSWET IN WERKING GETREE HET, IS 1,36 MILJOEN TON MIELIES IN SUID-AFRIKA GEPRODUSEER. MET DIE STIGTING VAN DIE MIELIERAAD IN 1935 HET DIT 2,557 MILJOEN TON BELOOP.**

### *1935 – Mieliereëlingswysigingswet*

Die maatreëls wat ingevolge die Mieliereëlingswet van 1931 ingestel is, is as gevolg van die bogenoemde probleme vanaf 3 Mei 1935, met die inwerkingtreding van die Mieliereëlingswysigingswet (Wet 59 van 1935), aangepas. Hierdie Wet het voorsiening gemaak vir die daarstelling van die Raad van Beheer oor die Mielienywerheid, die voorloper van die Mielieraad. Dié Raad is aanvanklik as 'n adviesraad ingestel, na aanleiding van die aanbevelings van die Kommissie van Ondersoek na Samewerking en Landboukrediet in 1934 wat die instelling van eenkanaalbemarking vir mielies ten sterkste afgeraai het.

Vanaf die inwerkingtreding van die Bemarkingswet van 1937 het die Mielieraad in terme van daardie Wet gefunksioneer en het sy status verander vanaf 'n adviesraad na 'n volwaardige beheerraad.

Die probleme wat met die kwotastelsel ondervind is, het in 1937 aanleiding gegee tot 'n wysiging van die wetgewing daaroor, na aanleiding waarvan die Mielieraad, onder andere, 'n klaringshuis vir kwotasertifikate teen vaste pryse geword het. Sodoende is spekulasie met die kwotas uitgeskakel en beter beheer oor uitvoer van mielies bewerkstellig.

Terselfdertyd het die Raad "volmag gekry vir die bepaling van die mielieprys en die uitvoer en opberging van mielies". Die hoofoogmerk van die Raad was om bestendigheid in die mieliebedryf te bewerkstellig deur die uitskakeling van buitensporige wisseling in pryse, die bevordering van produksiedoeltreffendheid, die behoud van grondvrugbaarheid en die skepping van 'n gebalanseerde verhouding tussen die belange van die produsente en ander rolspelers in die mark.

Die besluit om die Mielieraad te magtig om eenkanaalbemarking vir mielies af te dwing, is voorafgegaan deur 'n lang, uitgerekte en moeilike proses. Reeds met die Raad van Beheer oor die Mielienywerheid se eerste vergadering wat op 12 Julie 1935 ondervoorsitterskap van dr PR Viljoen, die Sekretaris van Landbou, gehou is, is 'n subkomitee op versoek van produsente aangestel om die moontlikheid van eenkanaalbemarking te ondersoek. Hoewel die eerste gedagtes hieroor in die kiem gesmoor is, het dit nie van die toneel verdwyn nie en het dit herhaaldelik weer ter tafel gekom. Telkens is verskeie argumente ten gunste van sowel as teen die instelling van 'n eenkanaalbemarkingstelsel aangevoer.

Terwyl die debat oor eenkanaalbemarking voortgeduur het, het mielievoorrade van jaar tot jaar geweldig gewissel. In sommige jare, byvoorbeeld die 1938/1939-seisoen, is groot surplusse geproduseer, terwyl wesenlike tekorte in ander jare ondervind is. Dit het drastiese maatreëls deur die Regering tot gevolg gehad, in die vorm van 'n "tussentydse" Mieliereëlingskema wat die volgende magte aan die Mielieraad gegee het:

- Die beheer oor uitvoere deur middel van 'n permitstelsel;
- die instelling van 'n heffing om te verseker dat binnelandse pryse hoër as invoerpariteit bly en terselfdertyd fondse op te bou om vir die finansiering van uitvoerverliese voorsiening te maak;
- die reg om mielies en mielieprodukte vir eie rekening aan te koop; en
- die reg om enige persoon wat in mielies of mielieprodukte handel dryf, te verplig om maandeliks aan die Mielieraad verslag te doen van transaksies.

Gedurende 1941/1942 het die verbruik van mielies in Suid-Afrika begin toeneem, wat handelaars daartoe beweeg het om voorrade terug te hou in afwagting van prysverhogings as gevolg van die verhoogde vraag. Dit het daartoe bygedra dat die Mielieraad vanaf November 1941 kragtens 'n magtiging deur die Minister verleen, die verkooppryse van mielies en mielieprodukte vasgestel het. In Januarie 1942 is die Raad kragtens oorlogsmaatreël 20 van 1942 ook gemagtig om mielies op te eis van persone wat meer mielies opgeberg het as wat nodig was om in hulle onmiddellike behoeftes te voorsien. Terselfdertyd is die Mielieraad gemagtig om agente aan te stel om mielies namens hulle te ontvang en te versprei – alles stappe in die rigting van groter beheer.

Gedurende 1942 is verwag dat die mielie-oes van die volgende seisoen baie swak sou wees en is 'n vaste produsenteprys vir mielies afgekondig – die eerste in die geskiedenis van Suid-Afrika. Die Regering het ook maatreëls afgekondig rakende



**Mielies is geweeg op 'n platformskaal.**



**'n Tipiese toneel van mielies wat by 'n Suid-Afrikaanse hawe verskeep word.**



die verkoop, verspreiding en verbruik van mielies. Dit het 'n permitstelsel en 'n beperking op die vervaardiging van mielieprodukte ingesluit. In Maart van daardie jaar is 'n Voedselbeheerorganisasie gevorm en het die verskillende beheerrade wat op daardie stadium reeds in terme van die Bemarkingswet gefunksioneer het, op versoek van die Minister van Landbou deel daarvan geword.

### *Eenkanaalbemarking*

Alles het dus daarop gedui dat die Staat die bemarking van landbouprodukte tot 'n groter mate wou beheer. Hierdie siening is versterk deur 'n kritieke voorraadposisie aan die begin van die 1943/1944-seisoen en probleme wat met die opberging en hantering van mielies ondervind is. Dit het daartoe gelei dat die Mielieraad in 1944 besluit het om 'n "eenkanaalbemarkingstelsel" vir mielies vir die 1943/1944-seisoen te implementeer ingevolge waarvan die Mielieraad die enigste bemarkingsliggaam vir mielies in die sogenaamde beheerde gebiede geword het.

Mielieprodusente en afnemers was daarna nie meer geregtig om direkte mielietransaksies met mekaar aan te gaan nie. Hulle was ook verbied om groter hoeveelhede mielies te stoor as wat vir hulle eie behoeftes benodig is.

Die eenkanaalbemarkingstelsel was aanvanklik in die 1944/1945-seisoen vir 'n proeftydperk van een jaar ingestel, maar dit het uiteindelik, met geringe wysigings van tyd tot tyd, tot die 1995/1996-seisoen voortbestaan.

Die basiese beginsels van die eenkanaalbemarkingstelsel was (i) dat die Minister van Landbou jaarliks die mielieprys vasgestel het (in Mei-maand van elke jaar) na oorweging van die aanbevelings van die Mielieraad, die Nasionale Bemarkingsraad en die Minister se ander adviseurs, (ii) dat alle verbruikers van mielies moes bydra tot die koste van hantering en opberging van graan, en (iii) dat verbruikers verseker moes wees van voldoende voorrade graan teen vooraf vasgestelde pryse.


Onder die eenkanaalbemarkingstelsel was die Mielieraad die enigste koper en verkoper van mielies in die hoofproduksiegebiede. Vir daardie doel is drie produksiegebiede geïdentifiseer waar verskillende maatreëls ten opsigte van die bemarking van mielies gegeld het:

- Gebied A het die huidige (2014) Noordwes, Vrystaat, Gauteng en Limpopo Provinsies omvat, asook die noord en noord-westelike gedeelte van KwaZulu-Natal en 'n klein gedeelte van die Noord-Kaap in die Hopetown-gebied. Dié gebied het sowat 95% van Suid-Afrika se mielies geproduseer en die produsente in die gebied was verplig om hulle mielies slegs aan die Mielieraad of sy agente te verkoop, teen die vasgestelde prys. Dit het beteken dat die Mielieraad in effek die volle beheer gehad het oor mielies wat in die land geproduseer is.
- Gebied B het bestaan uit verkillende klein areas wat in die sentrale, suidelike en suidwestelike gedeeltes van die land verspreid was. In daardie gebied kon produsente slegs hulle mielies aan die Mielieraad of handelaars wat by die Mielieraad geregistreer was, verkoop teen pryse wat nie laer mag wees as die pryse wat in gebied A gegeld het nie. Dié handelaars moes maandelikse opgawes van die mielies wat hulle aangekoop het, by die Mielieraad indien en 'n heffing betaal op die mielies wat hulle aangekoop het.
- Gebied C het die res van die land beslaan. In daardie gebied het geen beheer gegeld nie, behalwe dat die Mielieraadheffing betaal moes word op enige mielies uit daardie gebied wat in die ander twee gebiede verkoop is.

Die Mielieraad het met die instelling van die eenkanaalstelsel die bestaande organisasies wat by die hantering en opberging van graan betrokke was, naamlik die koöperatiewe ondernemings, meulenaars en handelaarsagente, as sy agente aangestel. Die Mielieraad het nie self die funksies van hantering, opberging, finansiering en verspreiding van mielies onderneem nie, maar dit deur middel van die agente verrig.

Dit was ook mettertyd vir die Raad moontlik om deur middel van die agente massa-opbergingsfasiliteite daar te stel. Benewens lewering aan die agente, kon produsente hulle mielies direk in graansuiers van die Spoorwegadministrasie stort. Op hierdie wyse het die Mielieraad teen die begin van die 1950's sowat 90% van die land se mielies beheer.






**Gebied A** (Noordwes, Vrystaat, Gauteng en Limpopo Provinsies, asook die noordelike en noord-westelike gedeeltes van KwaZulu-Natal en 'n klein gedeelte van die Noord-Kaap in die Hopetown-gebied)

**Gebied B** (Verskillende klein areas in die sentrale, suidelike en suidwestelike gedeeltes van die land – nie op kaart aangedui nie)

**Gebied C** (Res van die land)

**Die drie produksiegebiede van die Mielieraad.**

Die Mielieraad was dus in effek in die posisie waar hy totale beheer oor mielievoorrade kon behou. Sodoende het die Raad geweet presies hoeveel mielies in die land beskikbaar was, wat dit in staat gestel het om die Minister van behoorlike advies oor die uitvoer of invoer van mielies te voorsien en oordragvoorrade te beheer. Dit het ook bygedra tot beter beplanning met distribusie en die uitskakeling van onnodige kruisversporings, wat in die era voor die instelling van die Mielieraad ongekoördineerd en geweldig oneffektief was.

## *1957 – Josefsbeleid*

Reeds vanaf die vroeë 1940's was die behoefte aan 'n voldoende oordragvoorraad 'n gereelde punt van bespreking in die Mielieraad. Dit is in 1957 op die spits gedryf toe mielies ingevoer moes word om die tekort in die binnelandse produksie aan te vul. Na aanleiding daarvan het die Mielieraad besluit om 'n jaarlikse oordragvoorraad van 630 000 ton mielies vas te stel. Die vereiste oordragvoorraad is van tyd tot tyd aangepas en het in 1985 reeds op 900 000 ton gestaan.

Hierdie beleid van die Mielieraad om in die goeie jare vir moontlike tekorte in volgende jare voorsiening te maak, het as die Josefsbeleid bekend gestaan, ontleen aan die Bybelse verhaal van Josef wat die Farao geadviseer het om graan in die sewe goeie jare op te berg met die oog op die sewe swak jare wat voorspel is.

Die Josefsbeleid was die een deel van die Mielieraad se oordragvoorraadbeleid. Daar is ook voorsiening gemaak vir oorbruggingsvoorraad ten einde te verseker dat genoeg mielies beskikbaar sou wees totdat die produsente begin het om hulle oeste in te lewer en die Mielieraad in 'n posisie was om besluite oor die verspreiding daarvan te neem. Voor die tyd van tegnologie soos faksmasjiene en die internet (wat in elk geval eers in die laaste jare van die Mielieraad se bestaan gekom het) is inligting oor graanlewering per magneetband aan die Mielieraad gestuur, wat dit gemiddeld eers na tien werksdae ontvang het. Eers daarna kon reëlings vir die verspreiding van die voorraad geneem word, wat dit nodig gemaak het dat 'n

### *1957 – JOSEPH'S POLICY ACCEPTED*

**We all know how Joseph in Biblical times advised the Pharoah to store grain from the seven good years for the seven lean years. This was why the Board gave the name of "Joseph's Policy" to its decision to carry over a maize reserve every year as a safeguard against a possible poor crop the next year.**

**The need for adequate carry-over stocks was a regular point of discussion for the Board from the early 1940s onwards. Matters came to a head in 1957 when it became necessary to import maize to supplement a shortage in domestic production. It was then decided in March 1957 to set the carry-over stock level at 636 000 tons. This figure had been adjusted from time to time to its eventual 900 000 tons. The cost of carrying this stock was borne by the Government in the past.**

Maize Board 1935 - 1985



**Die Mielieraad se kantore in 1969.**

oorbruggingsvoorraad gehou word ten einde deurlopend in die kopers en verwerkers se vraag te kon voorsien.

## *Prysvasstelling*

In die Mielieraad se jaarverslag van 1951 is gerapporteer dat die mielieprys ingevolge die Mieliereëlingskema jaarliks deur die Mielieraad met goedkeuring van die Minister van Landbou vasgestel is. Die Mielieraad het 'n voorgestelde prys bepaal, waarop die georganiseerde landbou insette kon lewer voordat dit aan die Nasionale Bemarkingsraad voorgelê is, wat 'n verslag oor die voorgestelde prys aan die Minister moes voorlê.

Die Mielieraad het die voorgestelde prys met inagneming van die volgende faktore bereken:

- Die gemiddelde produksiekoste van mielies wat in daardie jaar met verwysing na die gemiddelde produksiekoste in die Transvaalse Hoëveldstreek en die Noord-Westelike Vrystaatstreek bepaal is.
- 'n Voorsiening vir gebeurlikhede, soos onvoorsiene prysstygings en rente op bedryfskapitaal.
- 'n Ondernemersloon vir die produsente, wat op 'n bepaalde formule bereken is.
- Bykomstige oorwegings, soos vraag- en aanbodtendense en die verhouding tussen die mielieprys en die pryse van ander landbouprodukte.

Die voorskotprys wat deur die Mielieraad vasgestel was, het beteken dat produsente hulle beplanning vir aanplantings kon doen teen 'n vasgestelde laagste prysscenario. Pryse is wel gestabiliseer, maar dikwels teen hoër vlakke as die wêreldmarkte.


Reeds in daardie jaar, 1951, egter, het verskille ontstaan tussen die Regering en die Mielieraad oor die produsenteprys vir mielies, 'n "stryd" wat vir dekades daarna nog tot groot ontevredenheid en onenigheid gelei het. Die Kabinet was naamlik nie tevrede met die prysberekenings nie, maar het uiteindelik die Mielieraad se aanbevole prys aanvaar, omdat gevrees is dat daar moontlik nie genoeg mielies in die land geproduseer sou word indien 'n laer prys vasgestel word nie.

Die mielieprys was eenvormig vir die hele land, ongeag waar die produk geoes of gelewer is, wat beteken het dat produsente wat nader aan die mark geleë was, die vervoerkoste van die produsente verder van die mark gesubsidieer het. Dit het waarskynlik daartoe bygedra dat produksie in marginale gebiede uitgebrei is, wat later weer afgeskaal is nadat beheerde mieliebemarking in 1997 afgeskaf is en 'n vervoerdifferensiaal in werking getree het, met die gevolg dat produsentepryse nie langer die produksie van mielies in daardie gebiede lonend gemaak het nie.

Die bepaling van die mielieprys het by verskeie geleenthede tot hewige debatte en ontevredenheid aan die kant van produsente aanleiding gegee, soveel so dat die produsentelede van die Mielieraad in 1985, met die volle steun van die Nasionale Mielieprodusente-organisasie (NAMPO), uit die Mielieraad bedank het.



**Ureum arriveer in Durban-hawe. Die Mielieraad het ureum vir mielies geruil nadat stikstofpryse die hoogte in geskiet het.**



**Video: 'n Persoonlike vertelling van produsentelede se destydse bedanking uit die Mielieraad – mnr Crawford von Abo.**



Die agtergrond daarvan was dat die Minister van Landbou, mnr Greyling Wentzel, in 1984 'n ooreenkoms met die Voorsitter van die Mielieraad, mnr Crawford von Abo, aangegaan het waarin die Minister onderneem het dat hy die mielieprys wat die Mielieraad voorstel, sal aanvaar indien daardie prys eenparig deur die Mielieraad se lede, insluitende die verbruikers, aanvaar is. Dit het toe inderdaad so gebeur en die Minister van Landbou was verplig om die voorgestelde prys te aanvaar en af te kondig, ten spyte daarvan dat dit aansienlik hoër as die vorige jaar se prys was (R100/ton meer) en hy nie werklik daarmee saamgestem het nie.

Dit het egter tot groot ontevredenheid by, onder andere, die Staatspresident gelei en die besef het ontstaan dat die voortdurende spanning tussen die produsente en die Minister oor die mielieprys uiters onbevredigend was en op hoogste vlak aangespreek moes word. Die Mielieraad het besluit om met die Regering te onderhandel vir die aanstelling van 'n ministeriële komitee wat strukturele oplossings vir die probleem met die vasstelling van 'n aanvaarbare mielieprys kon ondersoek. Dit was veral belangrik gesien in die lig van mielies se rol as die stapelvoedsel van 'n groot deel van Suid-Afrika se bevolking.

Die versoek is van regeringskant goed ontvang, wat saamgestem het dat so 'n komitee saamgestel sou word. Die gesprekke daaroor het in September 1984 plaasgevind, maar teen Maart 1985 het die komitee, volgens von Abo, nog niks gedoen nie. Toe die mielieprys in April 1985 afgekondig word, was dit in effek op dieselfde vlak as dié van die vorige jaar ten spyte van die voorlegging wat die Mielieraad op grond van berekenings deur die Departement van Landbou gemaak het.

Die produsentelede van die Mielieraad het geweier om die afgekondigde prys te aanvaar (die produsentelede het dit met twaalf stemme teen een verwerp) en op 25 April 1985 het agt van hulle uit die Raad bedank.

Die Minister van Landbou is na aanleiding van die onhoudbare situasie versoek om 'n afspraak vir 'n afvaardiging van die mielie-produsente met mnr PW Botha, die Staatspresident, te reël. Die Minister het toegestem om dit te probeer reël, maar gewaarsku dat die produsente se verteenwoordigers "in die leeu se bek inloop". Hy het egter daarin geslaag om die vergadering te reël, waar mnre Hennie de Jager en Boetie Viljoen van NAMPO saam met mnr Kobus Jooste van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie die produsente verteenwoordig het.

Die vergadering, wat in Tuynhuys in Kaapstad gehou is, was ook bygewoon deur mnre Greyling Wentzel, Barend du Plessis (Minister van Finansies) en die Staatspresident se persoonlike sekretaris. Die Staatspresident het hom nie veel aan die afvaardiging se voorstelle gesteur nie. Hy het hulle daarop gewys dat die prys van mielies in die vorige jaar aansienlik meer as die pryse van ander landbouprodukte gestyg het. Teenargumente het op dowe ore geval.

Toe dit blyk dat die gesprek oor die mielieprys nie op iets sou uitloop nie, het mnr Jooste die geleentheid gebruik om met die Staatspresident te praat oor 'n lening van R100 miljoen wat vir SALU bedoel was. Mnr Botha was toe al so vererg dat hy gesê het dat hy na die voorafgaande gesprek lus voel om die lening te kanselleer. Tydens die gesprek het hy ook gedreig om die rentesubsidie wat produsente in



**Klankgreep: Mnr Boetie Viljoen vertel van die vergadering in Tuynhuys met die destydse Staatspresident, mnr PW Botha.**



**Mnr Boetie Viljoen**



**Mnr Hennie de Jager**

**OP DIE STADIUM TOE MINISTER GREYLING WENTZEL DIE MIELIEPRYS WOU AFKONDIG, HET DIE VOORSITTER EN ANDER SENIOR AMPSBEKLEËRS VAN DIE MIELIERAAD HULLE OP 'N SENDING IN THAILAND BEVIND. TOE HULLE VERNEEM DAT DIE MINISTER**

**BEOOG OM DIE MIELIEPRYS BEKEND TE MAAK, HET HULLE INDERHAAS TERUGGEKEER NA SUID-AFRIKA OM BY DIE VERGADERING TEENWOORDIG TE WEES, WAAR DIE GEBEURE SOOS HIERNAAS BESKRYF, PLAASGEVIND HET.**

**DIE PERSONE WAT BY DIE VERGADERING AS LEDE VAN DIE MIELIERAAD BEDANK HET, WAS MENERE CRAWFORD VON ABO, BOETIE VILJOEN, HENNIE DELPORT, GERRIT GREEN, CERNEELS CLAASSEN, CORNELIS LEONARD, MOF VISSER EN WILLIE VAN DER RYST.**



daardie tyd geniet het en wat 'n uiters belangrike hulpmiddel vir baie produsente was, te heroorweeg. Die afvaardiging het onverrigter sake teruggekeer en die volgende dag by 'n massavergadering in die Markotter Stadion te Klerksdorp aldus aan die mielieprodusente gerapporteer.

Intussen het die ontevredenheid oor die mielieprys en die Minister van Landbou se volgehoue weiering om die prys aan te pas daartoe gelei dat baie produsente besluit het om nie enige mielies te lewer nie. In sommige gevalle het voorstanders van die aksie selfs fisies probeer verhoed dat produsente wat nie ten gunste van die aksie was nie, wel hulle mielies by die koöperasies se silo's kon inlewer. Toegang tot siloterreine is versper deur lang rye waens met mielies wat by die ingang geparkeer is, maar nie afgelaai is nie.

Die nie-leweringsaksie is aanvanklik goed ondersteun, maar dit was nie volhoubaar nie. Die Staatspresident se dreigement oor die moontlike heroorweging van die subsidie op rentekoerse het moontlik ook 'n rol gespeel in die produsente se besluit om die staking te beëindig. Op daardie stadium het Suid-Afrika 'n geweldige styging in rentekoerse beleef en 'n afskaffing of afskaling van die rentekoerssubsidie sou baie produsente finansieel kon knak.

Dit blyk ook dat die Staatspresident op 'n stadium gedreig het om die hulp van die Weermag in te roep ten einde seker te maak dat die oes wel ingesamel en ingelewer word.

Die bedanking van die NAMPO-lede uit die Mielieraad in 1985 het 'n groot probleem vir die Minister van Landbou geskep, aangesien die oorblywende lede van die Mielieraad nie meer 'n kworum gevorm het nie. Die Minister was verplig om die probleem aan te speek, omdat die Bemarkingswet vereis het dat daar 'n funksionerende Mielieraad moes wees. Die dilemma was dat die produsentelede op die Mielieraad vanaf 1980 deur NAMPO aangewys moes word, maar NAMPO het uitgestap.

Die Minister het toe in sy diskresie produsentelede vir die Raad aangestel, waarvan sommige wel NAMPO-lede was, maar hulle is nie deur NAMPO genomineer nie. Die persone wat lede van NAMPO was, is na hulle aanstelling deur die Minister op die Mielieraad uit NAMPO geskors, omdat hulle die organisasie se grondwet oortree het, aangesien slegs hoofbestuurslede van NAMPO op die Mielieraad kon dien. Die Mielieraad het egter voortgegaan om op hierdie basis te funksioneer, totdat gesprekke tussen die Minister van Landbou (mnr Greyling Wentzel) en NAMPO daartoe gelei het dat die Minister in 1987 ingestem het om weer NAMPO-lede as die produsentelede op die Raad aan te stel.

Vanaf die 1981/1982- tot en met die 1986/1987-bemarkingsjare is stelselmatig oorgeskakel van produksiekoste as basis vir bepaling van die produsenteprys vir mielies, na 'n stelsel waar die prys ná onderhandelings met die Mielieraad, waarvan die meerderheid produsenteverteenwoordigers en NAMPO-lede was, deur die Minister vasgestel is.

**TOE DIE AFVAARDIGING NA DIE STAATSPRESIDENT OP 'N STADIUM AANVAAR HET DAT DIE GESPREK VERBY WAS, HET MNR DE JAGER OPGESTAAN. MNR BOTHA HET HOM GEVRA WAARHEEN HY GAAN EN HY SÊ TOE HY WIL TOILET TOE GAAN, WAAROP MNR BOTHA BEVEEL HET: "SIT, EK SAL SÊ WANNEER JY KAN GAAN."**

MINISTER GREYLING WENTZEL SE INSTEMMING OM WEER NAMPO-LEDE OP DIE MIELIERAAD AAN TE STEL, HET IN 'N KAT-EN-MUISSPELETJIE ONTAARD, WANT NAMPO MOES VIR ELKE POS TWEE PERSONE NOMINEER EN DIE MINISTER HET DAN BESLUIT WIE VAN DIE TWEE HY AANSTEL. NAMPO HET TOE AS EERSTE KEUSE DIE PERSONE GENOMINEER WAT VOORHEEN UIT DIE RAAD BEDANK HET, MAAR DIE MINISTER HET DIE ANDER PERSONE (NA WIE LIGTELIK IN NAMPO-GELEDERE AS DIE *TACKIE TEAM* VERWYS IS) AANGESTEL. BY DIE VOLGENDE NOMINASIEPROSES HET DIESELFDE BYNA WEER GEBEUR. DIT HET EEN VAN DIE LEDE, MNR HENNIE DE JAGER, IN 'N MOEILIKE POSISIE GELAAT OMDAT HY TEGELYKERTYD VOORSITTER VAN DIE MIELIERAAD SOWEL AS NAMPO WAS. OM DIT OP TE LOS, IS TOE GEREËL DAT DE JAGER AS VOORSITTER VAN DIE MIELIERAAD EN ONDERVOORSITTER VAN NAMPO SOU DIEN, MET MNR BOETIE VILJOEN AS VOORSITTER VAN NAMPO EN ONDERVOORSITTER VAN DIE MIELIERAAD.



**Klankgreep: Tyd vir humor was daar altyd. Die jonger manne moes instaan met die vasstelling van die jongste mielieprys terwyl die ringkoppe op 'n oorsese Mielieraad-studietoer was – mnr Vic Mouton.**

Die destydse Mielieraad-voorsitter, mnr Hennie de Jager, het opgemerk dat hy die wegbeweeg van 'n beheerliggaam na 'n bemarkingsliggaam bemerk het, hoewel hy van mening was dat die Mielieraad altyd 'n integrale deel van die industrie sou bly en 'n sleutelrol in die oplossing van bemarkingsprobleme sou speel. In 1987, na die heraanstelling van NAMPO-lede op die Mielieraad, het dit dan ook finaal gerealiseer toe die ooreenkoms met die Minister van Landbou bereik is waarvolgens die basis vir vasstelling van die produsenteprys verander is.

Daardeur is die Mielieraad in wese verander vanaf 'n beheerraad na 'n bemarkingsraad met markgerigte pryse, risikoverskansing, produkbevordering en marknavorsing as uitgangspunt. Die bemarking van mielies is verander na 'n eenkanaalpoelstelsel waarvolgens binnelandse pryse bepaal is deur die verskil tussen die Mielieraad se bedryfskoste en die opbrengs uit verkope. Dit was waarskynlik die eerste duidelike beleidsverandering op die pad na deregulering, wat met die inwerkingtreding van die Wet op Bemarking van Landbouprodukte van 1996, 'n werklikheid sou word.

By die bepaling van die produsenteprys in die nuwe bedeling moes die Mielieraad die verwagte binnelandse vraag en aanbod in berekening bring, tesame met die koste en opbrengs van mielie-uitvoere. Die produsenteprys is verkry deur die netto opbrengs van die oes te deel deur die verwagte aanbod. Alle mielies is verpoel en





produsente het ’n aanvanklike (voorskot) prys ontvang. Indien enige surplusse gerealiseer het, is dit by wyse van middel- en agterskotte aan die produsente uitbetaal.

Alle belangegroepe (soos die meulenaars, voerverwerkers en ander verbruikersgroepe) is by die prysbepalingsproses betrek. Die prys wat na afloop van die vergaderings bepaal is, is aan die Landboubemarkingsraad voorgelê, wat ’n aanbeveling aan die Minister van Landbou gemaak het, wat die finale prys goedgekeur en afgekondig het.

### *Weerstand*

Met verloop van tyd het die gaping tussen die produsenteprys en die verbruikersprys van mielies vergroot as gevolg van bemarkingsfaktore, soos ’n verswakkende geldeenheid (ZAR), ’n afname in wêreldpryse van mielies en ’n toename in beskikbare mielievoorrade wat weens ’n oorskotproduksie teen lae pryse uitgevoer moes word. Hierdie faktore, gekoppel aan die afskaffing van die Regering se subsidie op uitvoerkoste van mielies in die vroeë 1980’s, het daartoe gelei dat die spesiale heffing verhoog moes word, wat die weerstand teen die eenkanaalbemarkingstelsel vir mielies vergroot het.

In 1994 het ’n aantal van die grootste mieliekopers (die *Concerned Buyers Group*) uit protes teen die hoë heffings ’n hofaansoek geloods om sekere van die bepalings van die Somergraanskema ongrondwetlik te verklaar, tesame met ’n aansoek om ’n interdik wat die Mielieraad sou belet om heffings op sekere mielietransaksies te vorder. Die aansoek was onsuksesvol.

Die weerstand teen die Skema het egter nie verswak nie en sekere partye in die mieliebedryf het die betaling van die heffings op allerlei wyses probeer omseil, byvoorbeeld deur die sluiting van vennootskappe, dienskontrakte, huurkontrakte, produksiekontrakte en oprigting van verskillende regsentiteite in baie ingewikkelde transaksies wat dit moeilik gemaak het om die ontduiking van die heffingsverpligting vas te pen.

As gevolg van die omseiling van die stelsel het die mieliebedryf begin om te destabiliseer, die gaping tussen die produsente- en verbruikersprys het vergroot en die Mielieraad kon nie altyd behoorlik vir uitvoere begroot nie. Die Mielieraad se binnelandse verkope het gedaal, met ’n gevolglike groter uitvoersurplus. Die feit dat die Mielieraad nie die heffings op die totale oes kon invorder nie, het wesenlike finansiële implikasies ingehou.

### *1994/1995-bemarkingseisoen*

Aangesien daar in die 1994/1995-bemarkingseisoen nie ’n ooreenkoms oor die produsenteprys vir mielies bereik kon word wat vir al die rolspelers in die mieliebedryf aanvaarbaar was nie, is ooreengekom dat die Somergraanskema op 30 April 1995 beëindig en met ’n nuwe mieliebemarkingskema vervang sou word. Die kerneienskappe van die vervangende skema was soos volg:

- Mieliepryse sou sonder statutêre inmenging in die markplek gevorm word;
- Die Mielieraad se funksies is aangepas en het hoofsaaklik die volgende behels: Die bedryf van ’n eenkanaaluitvoerpoel, administrasie van ’n stabilisasieheffing op aankope vanaf produsente sowel as ’n produsenteheffing, verskaffing van






**Die uitvoer van mielies per skip.**

**MIELIERAAD/CBG-HOFSAAK**

**In 1994 het 'n aantal van die grootste mieliekopers (die *Concerned Buyers Group* – ook genoem *Fat Cats [sien spotprente hiernaas]*) uit protes teen die hoë heffings 'n hofaansoek geloods om sekere van die bepalings van die Somergraanskema ongrondwetlik te verklaar, tesame met 'n aansoek om 'n interdik wat die Mielieraad sou belet om heffings op sekere mielietransaksies te vorder. Die aansoek was onsuksesvol. Sodoende was "die land se groot mieliekopers bereid om vir hul persoonlike gewin die hele landboubedryf in Suid-Afrika te ontwrig" (uit *Mielies/Maize*, Januarie 1995).**




markinligting en die registrasie van produsente en kopers met die oog op bestuur van heffings en insameling van inligting.

- Die Mielieraad kon mielies uit die uitvoerpoel vir binnelandse verkoop beskikbaar stel op voorwaarde dat die gelande prys by die koper nie minder sou wees as invoerpariteit plus R20/ton nie.
- Alle mielieprodusente en kopers moes by die Mielieraad geregistreer word.
- Daar sou geen beheer oor graansilo-eienaars uitgeoefen word met betrekking tot die opberging van mielies nie en vergoedingstariewe vir opberging sou deur ooreenkoms tussen die partye bepaal word.
- Produsente kon hulle mielies direk aan kopers verkoop en pryse is by ooreenkoms tussen kopers en verkopers vasgestel.
- Daar was geen beperking op die koop en verkoop of selfs invoer van mielies nie, onderhewig daaraan dat ingevoerde mielies aan sekere sanitêre en fito-sanitêre standaarde moes voldoen.
- Produsente wat mielies in die uitvoerpoel gelewer het, het by lewering 'n voorskot per ton ontvang en na finale afhandeling van die poel is die surplus by wyse van 'n agterskot op basis van tonne gelewer onder hulle verdeel.

In die daaropvolgende bemarkingseisoen is hierdie reëlings verder gewysig om ook die vrye uitvoer van mielies toe te laat, onderhewig aan die verkryging van 'n uitvoerpermit vanaf die Mielieraad en teen betaling van 'n uitvoerheffing. Die Mielieraad het in daardie seisoen slegs mielies bemark wat in die uitvoerpoele gelewer is.



### *Stabilisasiefonds*

Na aanleiding van baie goeie winste wat die Mielieraad in 1950 en 1951 met die uitvoer van mielies gemaak het, het die gedagte ontstaan om 'n stabilisasiefonds te stig. By die oorweging daarvan het twee denkrigtings bestaan: Enersyds was daar persone wat van mening was dat die Regering vir die stabilisasie van mieliepryse verantwoordelik was en dat die winste en verliese van uitvoere vir die Staat se rekening moes wees. Andersyds was daar diegene wat gemeen het dat die winste wat met uitvoere gerealiseer het, die produsente toegekom het.

Uiteindelik het die Stabilisasiefonds in 1953/1954 ontstaan toe die Mielieraad besluit het om die winste wat gedurende die voorafgaande jare met mielie-uitvoere gemaak is, tesame met die bydraes van verbruikers en die Staat, in 'n fonds te stort wat gebruik kon word om moontlike toekomstige uitvoerverliese te dek en by te dra tot die stabilisasie van die produsenteprys vir mielies. Terselfdertyd het die Mielieraad besluit dat die Stabilisasiefonds in die toekoms deur bydraes van sowel die produsente as verbruikers en die Staat aangevul sou word.

Ontleders van die mieliebedryf is van mening dat die prysbeleid wat die Mielieraad gevolg het, 'n insentief bevat het wat groot genoeg was om verhoogde mielieproduksie te stimuleer, wat uiteindelik tot oorproduksie gelei het. Dit het in verskeie jare tot gevolg gehad dat die Mielieraad die oorskot mielies teen 'n verlies moes uitvoer, omdat die binnelandse produsenteprys hoër as die heersende wêreldpryse was.

Die Stabilisasiefonds het waardevolle bydraes gemaak om uitvoerverliese goed te maak en die bedryf op verskeie ander terreine te stabiliseer, dikwels deur die produsenteprys vir mielies te subsidieer.

By tye was die stabilisasiefonds baie sterk, maar as gevolg van verliese met die uitvoer van mielies in die tydperk sedert die 1977/1978-seisoen, rente wat op die opgehoopte skuld opgeloop het en tekorte wat uit die ruiltransaksie met Roemenië ontstaan het, is die stabilisasiefonds mettertyd uitgeput.




Op 1 Mei 1980 het die stabilisasiefonds nog 'n positiewe saldo van R5,2 miljoen gehad. Vanaf die 1981/1982-bemarkingsjaar is egter wegbeweeg van die praktyk om produksiekoste as basis vir bepaling van die produsenteprys vir mielies te gebruik na 'n stelsel waarin die produsenteprys na onderhandelings met die Mielieraad deur die Minister vasgestel is. Die vlakke waarop die produsenteprys in dié tydperk vasgestel is, was dikwels hoër as die internasionale prys, met die gevolg dat



**Verteenwoordigers van die Mielieraad onderteken 'n uitvoerkontrak met die Republiek van China in 1986.**





oorskotmielies teen 'n verlies uitgevoer is. Dié verliese is in die Stabilisasiefonds gedra en het uiteindelik bygedra tot die tekort wat in die fonds ontstaan het.

In 1982 het die tekort in die Stabilisasiefonds op sowat R53,7 miljoen gestaan, maar teen 30 April 1983 het dit reeds tot R213 miljoen gegroei. Die posisie het algaande versleg en op 30 April 1987 het die tekort in die fonds sowat R481 miljoen beloop.

NAMPO se standpunt was deurgaans dat die Regering verantwoordelikheid moes aanvaar vir die tekort in die Stabilisasiefonds, gegewe die omstandighede waaronder en wyse waarop dit ontstaan het. Na baie onderhandelings het die Staat in 1989 finaal onderneem om die tekort, wat as 'n verlies in die Mielieraad se boeke gestaan het, oor te neem. Hoewel die Staat dus verantwoordelikheid vir die Stabilisasiefonds aanvaar het, wou hulle dit nie na die staatskas afwentel nie. Gevolglik is die verlies steeds in die Mielieraad se boeke getoon en is rente jaarliks daarop bereken, wat in die Mielieraad se begroting ingesluit is.

Die Nasionale Party beheerde Regering het nooit daardie skuld vereffen nie. Na die verkiesing in 1994 waardeur die ANC beheerde regering aan bewind gekom het, is 'n nuwe Minister van Landbou aangestel. 'n Afvaardiging van die Mielieraad onder leiding van die Voorsitter het die Minister oortuig dat die Regering verantwoordelik was vir die betaling van die tekort in die stabilisasiefonds en uiteindelik is dit deur die nuwe Regering afgelos.

### *Heffings*

Die mieliebedryf was onderhewig aan drie heffings wat in terme van die Bemarkingswet en/of die Somergraanskema opgelê is.

Die eerste daarvan was 'n algemene heffing ingevolge die Bemarkingswet deur die Minister ingestel, wat deur die Mielieraad ingevorder is, maar aan die Departement van Landbou oorbetaal is vir befondsing van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie.

Die tweede was 'n gewone heffing wat die Mielieraad ingevolge die Somergraanskema gevorder het ter befondsing van die Raad se administratiewe uitgawes, soos die koste van reklame, administrasie, navorsing, markinligting en verspreiding.

Die Mielieraad was ook in terme van die Somergraanskema gemagtig om 'n spesiale heffing op mielies te vorder. Die spesiale heffing is aangewend ter betaling van die bemarkingskoste wat die Raad moes aangaan in die bemarking van mielies, wat die vervoerkoste na hawens, finansieringskoste, verliese met uitvoere, opbergingskoste en hanteringskoste ingesluit het.

Wanneer mielies aan of deur middel van die Mielieraad verkoop is aan 'n persoon wat nie geregistreer was om in die gewone loop van besigheid met mielies te handel nie, was die heffing deur die verkoper (die produsent) betaalbaar. Indien mielies verkoop is aan 'n persoon wat geregistreer was om in mielies handel te dryf, was die heffing deur die koper betaalbaar. Geen heffing was egter betaalbaar op mielies wat vir eie gebruik deur die produsent aangewend is nie.

### *Magte, pligte en funksies van die Mielieraad*

Benewens die gewone magte wat nodig was om sy administratiewe funksies uit te voer, het die Mielieraad oor die volgende magte beskik:

- Om mielies en mielieprodukte te koop en te verkoop;
- om met die Minister van Landbou se goedkeuring die verkoop van mielies en mielieprodukte aan enige ander party as die Mielieraad of sy agente of geregistreerde mieliehandelaars te verbied en 'n heffing in te stel op mielies wat verwerk of van produsente aangekoop is;
- om finansiële en ander hulp in verband met navorsing te verleen;
- om 'n inligtingsdiens te vestig ten einde produsente oor bemarkingstoestande in te lig;
- om die binnelandse verbruik van mielies en mielieprodukte aan te moedig en die ontwikkeling en verbetering van die mieliebedryf in Suid-Afrika te bevorder; en
- om die Minister van Landbou te adviseer oor algemene sake, soos die graderingsvereistes van mielies, reëlings met betrekking tot die uit- en invoer van mielies en



mielieprodukte en in die algemeen oor die bemarking en/of verwerking van mielies en mielieprodukte.

Aanvullend tot die funksies wat die Mielieraad in die bemarking van mielies en ander graansoorte gespeel het, het dit in verskeie opsigte en op verskeie terreine as 'n wesenlik belangrike skakel in die mieliebedryf gedien:

- Die Raad en sy agente was verantwoordelik vir die inname, gradering, opberging en verspreiding van die land se mievoorrade. Hierin het die landboukoöperasies die grootste rol gespeel, maar die Raad het ook meulenaars en handelaars as agente aangestel. Die uiteindelike reg op en verantwoordelikheid vir verspreiding van mielies het egter altyd by die Mielieraad berus.

  Vanaf Julie 1977 is alle mielies, sorghum en bokwiet wat vanaf die binneland na hawens vervoer is, in massavragte per trein vervoer. Teen ongeveer 1985 was mielies die derde belangrikste kommoditeit wat die Spoorweë hanteer het, naas steenkool en ystererts en is ongeveer 85% van die mielie-oes per trein vervoer. Dit het teen 2014 egter tot slegs sowat 15% afgeneem as gevolg van 'n grootskaalse toename in padvervoer.
- Die Mielieraad het 'n skakelrol gespeel deur te verseker dat finansiering beskikbaar was sodat produsente onmiddellik met lewering vir hulle graan betaal en die Raad se agente vir hulle dienste vergoed kon word. In tye waar verliese op uitvoere opgeloop het, het die Mielieraad lenings teen staatswaarborge by die Land Bank of Reserwebank verkry om die verliese te finansier.
- Die Mielieraad het ook 'n belangrike rol gespeel in die identifisering van navorsingsbehoeftes in die mielie- en bokwietbedryf en die ondersteuning van navorsingsprojekte by verskeie instellings, hoewel die Mielieraad self nie 'n navorsingsinstansie was nie. Alle nuwe mieliekultivars is eers getoets voordat dit vrygestel is, veral vir hardheid en maalkwaliteit.
- Die Mielieraad het gedien as 'n skakel in kommunikasie tussen verskillende rolspelers in die industrie, asook in onderhandelings met ander ekonomiese sektore en die Staat.
- As die enigste uitvoerder van mielies en bokwiet het die Mielieraad 'n kardinale rol gespeel in die ontginning van uitvoermarkte. Dit is deur die Uitvoerkomitee van die Raad hanteer, wat bepaal het hoeveel mielies vir uitvoer beskikbaar was, 'n uitvoerprogram opgestel het waarvolgens dit bestuur is, die logistieke en finansiering daarvoor bestuur het, en verskansing op die *Chicago Board of Trade* gedoen het wanneer wêreldmarkte gunstig was.
- Vanaf ongeveer 1974 het die Mielieraad die destydse onafhanklike state (Transkei, Bophuthatswana, Ciskei en Venda, sowel as die selfregerende gebied van Lebowa) bygestaan met die ontwikkeling van hulle landbou-bemarkingstelsels.
- In 1963 het die Mielieraad 'n publisiteitskomitee gestig ten einde die bevordering van die mark en die Raad se openbare verhoudingeprogram te bestuur. Hierdie komitee het uit die staanspoor 'n besliste bydrae tot sistematiese promosie en bemarkingsaksies vir die mieliebedryf gelewer.




**Reklame.**



**Sportpromosie.**

Die Mielieraad het verskeie promosieveldtogte van stapel gestuur met die oog op die bevordering van die mieliebedryf. So byvoorbeeld is die Wally Hayward-marathon in Pretoria sowel as sokkerwedstryde geborg en vanaf 1972 tot 1983 het die Raad die Dalrymplebeker-atletiekkompetisie geborg. Die Raad het 'n losie by die FNB-stadion gehad waar geselekteerde gaste onthaal is.

Die Mielieraad het ook 'n Putu-kompetisie vir swart huisvrouens geloods waarvoor hulle kon inskryf as hulle 'n sakkie meel koop. Aan die einde van elke maand is 'n trekking gehou en pryse uitgedeel.

Tydens die Mielieraad se 50-jarige bestaansviering in 1985 is dit beskryf as 'n onontbeerlike skakel tussen die produsente en die verbruikers. Dit is soos volg beskryf: "If it closes its doors tomorrow, South Africa would go hungry within a few days."

Dit was egter op daardie stadium reeds duidelik dat die Mielieraad 'n aanpasbare benadering sou moes volg en vatbaar wees vir verandering ten einde 'n meer markgerigte stelsel vir mieliebemarking daar te stel. Van die Mielieraad se uitdagings was om in so 'n markomgewing voldoende inligting beskikbaar te stel ten einde produsente in staat te stel om hulle produksie in lyn te bring met markbehoeftes en om die koste van hantering, opberging en verspreiding van mielies te verminder. Daarbenewens moes dit beplan vir die toekomstige verwagte vraag na mielies gegewe Suid-Afrika se wisselvallige weerpatrone en reënval, die verwagte toename in bevolkingsgetalle, diversifikasie op mielieplase, toename in produktiwiteit en ander faktore wat die produksie van mielies kon beïnvloed.

Gedurende April 1997 is alle mielietransaksies waarby die Mielieraad betrokke was afgesluit en op 30 April 1997 het die Raad al sy bedryfswerksaamhede gestaak. Die Raad het tot in 2007 voortbestaan om sy onafgehandelde sake uit te bestuur, wat hoofsaaklik hofsake, die verkoop van sy bates en afhandeling van poele behels het.

Met die finale afhandeling van die uitvoerpoel van die 1996/1997-seisoen is 'n bedrag van R88 036 miljoen op 14 Augustus 1997 aan mielieprodusente wat mielies in die uitvoerpoel gelewer het, uitbetaal. Dit was die laaste betaling deur die Mielieraad aan produsente en daarmee is die Raad se bedryfsake ook afgehandel.

## Ander produkte

Die Mielieraad het met verloop van tyd ook hulp verleen met die bemarking van ander landbouprodukte, soos sorghum (tot 1986), aartappels en droëbone (tot Januarie 1986) en bokwiet.

Bokwiet is vanaf 1969 op versoek van die destydse Oos-Transvaalse Koöperasie volgens 'n eenkanaalpoelstelsel geadministreer. Dit was, soos in die geval



**Die vervoer van mielies, bokwiet en sorghum.**

van mielies, van toepassing op bokwiet wat in sekere omskrewe gebiede geproduseer is, hoewel feitlik geen bokwiet in elk geval buite daardie gebiede geproduseer is nie. Die eenkanaalpoelstelsel het die voordeel aan bokwietprodusente gebied dat hulle oes oor 'n langer tydperk uitgevoer kon word. Dit het die geleentheid gebied om die bemarking sodanig te bestuur dat gunstige markpryse benut kon word. Feitlik die totale bokwietproduksie, uitgesonderd die saadgedeelte, is uitgevoer, hoofsaaklik na Japan en Frankryk. Die Mielieraad het bokwiet op hierdie basis bemark tot met sy ontbinding, maar aartappels en droëbone net tot Januarie 1986.

Die Raad het aan die begin van elke seisoen met die goedkeuring van die Minister van Landbou 'n voorskotprys vir bokwiet bepaal, wat by lewering aan die produsente betaal is. Wanneer die oes klaar bemark is, is die finale prys bepaal deur die uitgawes en koste verbonde aan die bemarking van die oes, van die inkomste daaruit af te trek. Die netto opbrengs is dan uitbetaal aan die produsente wat bokwiet in die poel gelewer het, *pro rata* volgens die massa wat elkeen gelewer het. In sommige jare is 'n middel- of tussenskot betaal namate die bemarking van die oes gevorder het.

Bokwiet vir plaaslike verbruik is gegradeer volgens voorskrifte deur die Mielieraad uitgereik, aangesien geen graderingsregulasies daarvoor ingevolge die Bemarkingswet gepubliseer is nie. Bokwiet wat vir uitvoer bestem was, was egter deur inspekteurs van die Direktoraat van Landbouprodukstandaarde gegradeer, volgens gepubliseerde voorskrifte van die Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking.

### *Samestelling*

Die eerste volwaardige Mielieraad is met die inwerkingtreding van die eerste Bemarkingswet (Wet 26 van 1937) in 1938 daargestel. Vanaf 1968 het die Mielieraad in terme van die Bemarkingswet van 1968 (Wet 59 van 1968) gefunksioneer, totdat dit uiteindelik in terme van die Wet op Bemarking van Landbouprodukte van 1996 afgeskaf is.

Vanaf 1979 was die Mielieraad in die uitvoering van sy funksies ook onderhewig aan die Somergraanskema, soos afgekondig deur Proklamasie R45 van 1979.

Die Mielieraad is vanaf sy ontstaan saamgestel uit verteenwoordigers van al die groepe rolspelers in die bedryf, asook aangewese amptenare van die Staat. Die beginsel van 'n produsentemeerderheid in die beheerrade het egter van die begin af ook in die Mielieraad gegeld. In die beginjare was die Staat baie betrokke by die Mielieraad, tot so 'n mate dat die eerste twee Voorsitters daarvan staatsamptenare was. Sedert 1938 was die Voorsitter egter altyd uit die geledere van die produsentelede verkies.

Die eerste Mielieraad (1935) het uit 15 lede bestaan, wat soos volg opgemaak is: Vier verteenwoordigers van mielieprodusente wat lede van koöperasies was; vier verteenwoordigers van produsente wat nie lede van koöperasies was nie; een verteenwoordiger elk vir die mieliehandel, mieliemakelaars, mieliemeulenaars, mielie-uitvoerders, veevoerders en verbruikers, asook 'n amptenaar van die Departement van Landbou.

Ingevolge die Mieliereëlingskema van 1939 is die ledetal van die Mielieraad tot 19 vermeerder deur die aantal produsentelede tot twaalf te verhoog. Terselfdertyd is weggedoen met die verteenwoordiging van mieliemakelaars en -uitvoerders, maar is die verbruikers en mieliehandel elk twee verteenwoordigers op die Raad toegelaat.

Met verloop van tyd het die samestelling van die Mielieraad en die aantal lede daarvan verskeie kere verander, maar altyd met behoud van die beginsel dat die meerderheid van sy lede uit verteenwoordigers van mielieprodusente sou bestaan.

Die Mieliereëlingskema het voorsiening gemaak vir die aanstelling van adviseurs om die Mielieraad by te staan. Die Minister van Landbou kon een of meer amptenare van die destydse Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie en een of meer amptenare van die Staatsdiens as adviseurs vir die Raad aanstel. Die Mielieraad was self ook geregtig om hoogstens twee persone as adviseurs op die Raad te koöpteer. Daarbenewens is die Mielieraad bygestaan deur komitees wat getaak was om sekere sake rakende die Raad se werksaamhede te ondersoek en aanbevelings daaroor aan die Raad voor te lê.





Vanaf die stigting van NAMPO in 1980 het NAMPO die produsentelede van die Mielieraad, wat die meerderheid in die Mielieraad gevorm het, genomineer en het die Minister van Landbou daardie genomineerdes aangestel.

Die ooreenkoms wat in 1987 met die Minister bereik is, het ten opsigte van die samestelling van die Mielieraad die belangrike verandering ingehou dat teruggekeer is na die bedeling wat tot 1985 gegeld het, naamlik dat die produsentelede op die Mielieraad weer uit die geledere van NAMPO genomineerdes deur die Minister aangestel is. Die betrokke NAMPO-lede is uit die 24 NAMPO-streke verkies, wat ook beteken het dat hulle teenoor hulle kieskolleges verantwoordelik was. Die streke is in groepe van drie ingedeel wat elkeen 'n verteenwoordiger aangewys het.

## Koring en ander wintergrane

| | |
|---|---|
| 1930 | Wet tot Beperking van Koringinvoer – invoer van koring beperk |
| 1931 | Wet tot Beperking van Meelinvoer – invoer van meel en meelblom beperk |
| 1935 | Wet op die Beheer oor die Koringnywerheid (Wet 58 van 1935) |
| 1935 | Raad van Beheer oor die Koringnywerheid – aktiewe beheer oor die invoer van koring en koringmeel |
| 1937 | Bemarkingswet |
| 1938 | Koringreëlingskema |
| 1950 | Wintergraanskema |
| 1973/1974 | Raad se naam verkort tot *Koringraad* |
| 1987 | Beheer oor rogproduksie opgehef |
| 1995 | Kwantitatiewe invoerbeheer vervang met tariefbeheer |
| 1996/1997 | Koringbemarking in geheel gedereguleer |
| 1997 | Koringraad afgeskaf |

### *Begin 1900's*

Vanaf die vroeë 1900's het koringprodusente op verskeie wyses probeer om groter stabiliteit in die koringbedryf te bereik, maar sonder werklike sukses. Die besonderhede daarvan word in Hoofstuk 1 uiteengesit en het gewissel van verbeterde onderlinge samewerking tot die stigting van organisasies soos Bokomo en Sasko (vandag die *Pioneer Foods Groep*).

### *1930 – Wet tot Beperking van Koringinvoer*

Uiteindelik het die Regering in 1930 die Wet tot Beperking van Koringinvoer aangeneem waardeur die invoer van koring beperk is. In 1931 is 'n soortgelyke wet ten opsigte van meel en meelblom, die Wet tot Beperking van Meelinvoer, aanvaar. Dié wette het 'n minimumprys bepaal waarteen ingevoerde koring en koringmeel in Suid-Afrika geland kon word.

Die Regering het ook die prys bepaal waarteen Suid-Afrikaanse produsente vir hulle koring vergoed moes word. Dié pryse het egter nie altyd gerealiseer nie, omdat die oorgrote gedeelte van die oes gewoonlik in 'n kort tyd aan die begin van die oesseisoen bemark is. Dit het 'n ooraanbod in daardie tydperk tot gevolg gehad, wat die prys nadelig beïnvloed het.

Die mening het begin posvat dat produsente in staat gestel moes word om hulle oes stelselmatig te bemark ten einde voordelige markomstandighede te kan benut. Dit sou beteken dat koring opgeberg moes word, maar die produsente het nóg die fasiliteite nóg die finansiële vermoëns gehad om dit te kon doen. Koöperasies het wel oor pakhuise beskik wat hiervoor aangewend kon word, maar hulle kon nie die noodwendige implikasies daarvan in terme van rentekoste, gehalte- en ander verliese, versekeringskoste, ensovoorts bekostig nie. Hierdie koste sou dus deur hulle lede (die produsente) gedra moes word, wat laasgenoemde dan in 'n swakker posisie sou plaas as produsente wat nie lede van koöperasies was nie en hulle oes dadelik ten volle kon verkoop.

### *1935 – Wet op die Beheer oor die Koringnywerheid*

Koringprodusente het gevolglik volgehou met druk vir groter Staatsondersteuning aan die koringbedryf. Hulle pogings is beloon met die skepping in 1935 van die Raad van Beheer oor die Koringnywerheid, wat in terme van die Wet op die Beheer oor die Koringnywerheid (Wet 58 van 1935) daargestel is met die oog op aktiewe beheer oor die invoer van koring en koringmeel, ter beskerming van die plaaslike koringprodusente se belange.

Die ontstaan van die laasgenoemde wet was, volgens die Koringraad se 50-jarige gedenkboek, bevorder deur 'n buitengewone goeie oes in die Swartland en Rûens in 'n tyd waarin die bemarkingsmeganismes nie gerat was om 'n groot surplus te hanteer en aan produsente 'n billike prys vir hulle produkte te verseker nie. Ten spyte van 'n voorskot op die prys van koring wat die Land Bank aan koöperasies betaal het, het dit nie die hele bedryf baie gehelp nie, aangesien die vele produsente wat nog nie lede van die koöperasies was nie, nie kon deel in die voorskot wat betaal is nie.

Die Raad van Beheer oor die Koringnywerheid wat ingevolge die 1935-wet tot stand gekom het, het vanuit die staanspoor met die surplusprobleem geworstel en die invoer van koring en meel is sterk bevraagteken. Die vestiging van 'n eenkanaalbemarkingstelsel is deur verteenwoordigers van koringprodusente as 'n oplossing vir dié probleem aangevoer.


Die Raad het egter ander maatreëls ingestel met die oog daarop om die aanbod van koring in die mark te beperk, wat die opberging van koring teen vergoeding ingesluit het. Die maatreëls was nie baie suksesvol nie en het daartoe gelei dat die Raad besluit het om die Regering te versoek om "'n beleid van verkoop deur een kanaal" vir koring op 'n proefbasis van twee jaar te oorweeg. Hoewel die versoek nie toegestaan is nie, het die Regering ingestem om die voorskotprys aan te pas en sekere hulp ten opsigte van die opberging van koring te verleen. Dit was egter duidelik dat hierdie Raad, wat as die eerste "Koringraad" beskou kan word, se magte nie toereikend genoeg was om die ordelike bemarking van koring te verseker nie.

### *Bemarkingswet 1937 – Koringreëlingskema*

In aanloop tot die afkondiging van die Bemarkingswet van 1937, het die Raad van Beheer oor die Koringnywerheid reeds begin met die ontwikkeling van 'n skema in terme van daardie Wet waarvolgens daardie Raad die enigste koper en verkoper van koring sou wees, koringpryse sou vasstel en ander stappe kon neem om die koringbedryf te beheer. Op 5 Oktober 1938 is die Koringreëlingskema, wat in die proses ontwikkel is, ingevolge die Bemarkingswet afgekondig. Daardeur is eenkanaalbemarking vir koring en ander wintergraanprodukte ingestel.



**Droëlandkoring in die Vrystaat.**



WET

**Om 'n Raad van Beheer oor die Koringnywerheid in te stel en om sy werksaamhede te bepaal; om voorsiening te maak vir die oplegging van 'n heffing op koring wat in die Unie gemaal word, en om die doeleindes voor te skryf waarvoor die gelde ontvang uit daardie heffing aangewend kan word; en om voorsiening te maak vir ander sake wat daarmee in verband staan.**

DIT WORD BEPAAL deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

1. Vanaf 'n dag deur die Goewerneur-generaal by proklamasie in die *Staatskoerant* vasgestel te word, word daar 'n raad ingestel, genoem die Raad van Beheer oor die Koringnywerheid (hieronder die raad genoem) met regspersoonlikheid beklee, wat as eiser en verweerder in sy naam as regspersoon in regte kan optree en wat, met inagneming van die bepalings van hierdie Wet, alle handelings kan verrig wat regspersone regtens kan verrig.

2. (1) Die raad bestaan uit agt lede, deur die Goewerneur-generaal aangestel te word, van wie—
(*a*) een 'n amptenaar van die Departement van Landbou en Bosbou moet wees (deur die Minister genomineer), wat voorsitter sal wees van die raad;
(*b*) drie verteenwoordigers moet wees van koringprodusente wat lede is van koöperatiewe organisasies wat hoofsaaklik in koring handeldrywe, genomineer te word volgens artikel *vier*;
(*c*) een, wie se inkomste hoofsaaklik verkry word uit koring, 'n verteenwoordiger moet wees van koringprodusente wat nie lede is van een of ander koöperatiewe organisasie nie, genomineer te word volgens artikel *vyf*;
(*d*) twee verteenwoordigers moet wees van meulenaars, genomineer te word volgens artikel *ses*;
(*e*) een 'n persoon moet wees wat nie regstreeks of onregstreeks by die koringhandel of by koringproduksie betrokke is nie; en hy word deur die Minister

**Die Wet op die Beheer oor die Koringnywerheid (Wet 58 van 1935).**




**Klankgreep: Prysvasstelling in die Koringbemarkingsraad was 'n ernstige saak...maar soms was daar ligte oomblikke ook – mnr Jannie de Villiers.**

Die Bemarkingswet het die Raad bemagtig om volle beheer oor die koring-tot-broodketting uit te oefen. Vanaf 1938 het die Raad die in- en uitvoer van koring en koringprodukte beheer, die verkoop van koring aan enige ander entiteit as die Raad en sy agente verbied, soos ook die verkoop van koringmeel en brood teen ander pryse as wat die Raad bepaal het en het selfs die grootte van bakkers se oonde gereguleer. In die geheel gesien, was dit die omvattendste beheer oor enige produksieketting in die land se geskiedenis, wat vir sowat 59 jaar voortgeduur het.

Die Raad van Beheer oor die Koringnywerheid wat in terme van die 1938-wet in die lewe geroep is, het op 24 Oktober 1938 vir die eerste keer vergader. Die Raad het wyer magte en verantwoordelikhede as sy voorganger gehad. Die belangrikste take was om die Minister te adviseer oor graderings- en verpakkingsvereistes, sowel as die voorwaardes waaronder koring en koringprodukte verkoop, ingevoer of uitgevoer kon word. Van die Raad se ander magte was onderhewig aan goedkeuring van die Minister, soos die oplê en invordering van heffings, vasstelling van pryse, registrasie van meulenaars en dorsmasjieneienaars en die verbod op verkoop van koring aan enige ander entiteit as die Raad.

### *Wintergraanskema*

Die Koringreëlingskema het vir elf seisoene in werking gebly totdat dit vanaf 1 November 1950 deur die Wintergraanskema vervang is. Hierdie nuwe skema het voorsiening gemaak vir die insluiting van gars, hawer en rog onder die beheer van die Raad van Beheer oor die Koringnywerheid.



**Een van die eerste koringstropers.**



**Koringsny in die 1900's.**



**Die eerste selfaangedrewe koringstroper is in 1953 bekendgestel.**



**Die vroeë 1900's. Koring is eers gesny en dan gedors (in baie gevalle deur kontrakteurs).**

**DIE EERSTE VERGADERING VAN DIE KORINGRAAD NA DIE INWERKINGTREDING VAN DIE KORINGREËLINGSKEMA HET 13 SITTINGSDAE BELOOP AS GEVOLG VAN DIE GROOT AANTAL SAKE WAARAAN DIE RAAD MOES AANDAG GEE, SOOS DIE VASSTELLING VAN PRYSE EN KOMMISSIES, AANSTELLING VAN AGENTE, VERKOOPSVOORWAARDES, DISTRIBUSIEREËLS, GRADERING EN PRYSE VAN PRODUKTE, ASOOK ADMINISTRATIEWE SAKE WAT HANTEER MOES WORD.**



**DIE KORINGRAAD WAS VIR BAIE JARE LANK DIE SUID-AFRIKAANSE REGERING SE VERTEENWOORDIGER OP DIE INTERNASIONALE GRAANRAAD (IGR) EN HET JAARLIKS DIÉ ORGANISASIE SE VERGADERINGS BYGEWOON. OMDAT SUID-AFRIKA 'N NETTO INVOERDER VAN KORING WAS, HET DIE IGR SE VERGADERINGS 'N GOEIE GELEENTHEID GEBIED OM NIE NET MET ONTWIKKELINGS IN DIE BEDRYF TRED TE HOU NIE, MAAR OOK KONTAKTE MET DIE OOG OP INVOERE OP TE BOU.**

Vanweë die geringe omvang van rogproduksie en -verwerking in Suid-Afrika is alle beheermaatreëls daarop vanaf 1 Oktober 1987 opgehef.

Die Raad se bevoegdhede ingevolge die Wintergraanskema was grootliks dieselfde as onder die Koringreëlingskema en het ook die volgende ingesluit:

- Om die aankoop en verspreiding van koring, gars, hawer en rog in Suid-Afrika te beheer en agente vir daardie doel aan te stel; en
- om, met die goedkeuring van die Minister van Landbou, reserwefondse te skep.

Die prys wat die Raad vir koring aan die produsente betaal het, is deur die Minister van Landbou bepaal, na onderhandeling tussen die produsente, meulenaars, bakkers en die Raad. Daar is op 'n prys ooreengekom, wat vir goedkeuring aan die Minister voorgelê is, maar in die meeste gevalle in elk geval net so deur die Minister afgekondig is.

Met die tweede konsolidasie van die Wintergraanskema gedurende die 1973/1974-seisoen, is die Raad van Beheer oor die Koringnywerheid se naam verkort tot die Koringraad en is 'n Adviserende Wintergraangraderingskomitee ingestel om die Koringraad oor sake rakende die gradering en klassifikasie van wintergraan en wintergraanprodukte te adviseer.

Tot 1987 is wintergraan volgens 'n vasteprys eenkanaalskema geadministreer, maar vanaf 1987 in praktyk as 'n eenkanaalpoelskema.



**'n Moderne (kombinasie)-koringstroper aan die werk.**



**Ou Koringraadgebou.**

### *Op pad na deregulering*

Een van die aanbevelings van die Wentzel Kommissie, waarna later verwys word, was dat die proses vir prysbepaling van beheerde landbouprodukte aangepas moes word. Met verwysing na die Wintergraanskema en die koringbedryf het die Kommissie die volgende aanbevelings gemaak, wat almal met verloop van tyd geïmplementeer is:

- Die beheer oor in- en uitvoere behoort in die eerste plek by die Regering te berus en die Minister van Landbou moet oor die hoeveelhede daarvan besluit;
- die Koringraad moet die bevoegdheid behou om oor die registrasie van meulens te besluit en die beperkende registrasie ten opsigte van broodbakkers moet behou word, maar die beperking op registrasie van ander bakkers, soos banket- en koekbakkers, moet aangepas word;
- die subsidie op die prys van brood moet stelselmatig verminder word; en
- die Bemarkingswet moet gewysig word sodat die Minister die bevoegdheid het om pryse en marges op aanbeveling van die Bemarkingsrade en na konsultasie met die Nasionale Bemarkingsraad te bepaal.

Die algemene dryf na 'n gedereguleerde landboumark wat hoofsaaklik in die mieliebedryf gegeld het, het uiteindelik ook gelei na die einde van beheerde bemarking van wintergraangewasse in Suid-Afrika, met die afskaffing van die Koringraad in 1997.



**Nuwe Koringraadgebou.**



**Klankgreep: Wat in 'n koukussessie bespreek is, realiseer nie altyd om die onderhandelingstafel nie – mnr Jannie de Villiers.**



**Klankgreep: Laaste sake is afgehandel na die ontbinding van die Koringraad – mnr Andries Beyers.**

### *Samestelling*

Die Raad wat ingevolge die Wet van 1935 ingestel is, het uit agt lede bestaan, naamlik 'n amptenaar van die Departement van Landbou en Bosbou, drie verteenwoordigers vir lede van koöperatiewe produsente, een verteenwoordiger vir nie-koöperatiewe produsente, twee om meulenaars te verteenwoordig en een vir die verbruikers.

Na die afkondiging van die Koringreëlingskema van 1938 is die Raad tot 14 lede vergroot, naamlik vyf verteenwoordigers vir koöperatiewe koringprodusente, drie vir nie-koöperatiewe koringprodusente, drie vir meulenaars, een vir bakkers, een vir verbruikers en 'n amptenaar van die Departement van Landbou en Bosbou. In 1945 het die verbruikers nog 'n verteenwoordiger bygekry, wat die Raad tot 15 lede vergroot het.

Ingevolge die Wintergraanskema van 1950 is die Koringraad se ledetal tot 21 verhoog, waarvan elf die koringprodusente verteenwoordig het, terwyl die ander belangegroepe kleiner verteenwoordiging geniet het, soos wat onder die vorige bedelings ook die geval was. Later is die Koringraad se samestelling tot 13 lede verminder, waarvan agt produsentelede, twee verteenwoordigers vir elk van die meulenaars en die bakkers en een vir verbruikers. Ingevolge die Bemarkingswet moes die produsente se verteenwoordigers altyd die meerderheid in die Koringraad uitmaak.

In later jare was koringprodusente op provinsiale vlak in die georganiseerde landbou op Wintergraankomitees van die provinsiale landbou-unies verteenwoordig, waarvan daar vier was, een vir elkeen van die destydse provinsies. Die distrikslandbou-unies het verteenwoordigers op die Wintergraankomitees van die onderskeie provinsiale landbou-unies genomineer. Uit hulle geledere is die Nasionale Wintergraankomitee van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie, op basis van produksie, saamgestel, met die gevolg dat die meeste lede daarvan vanaf die Wes-Kaap afkomstig was, met die Vrystaat die tweede meeste en dan die Kaapprovinsie en Transvaal.

Die distrikslandbou-unies het dus in effek die kandidate vir aanstelling as lede van die Koringraad benoem, maar die Minister van Landbou het die finale aanstellings gemaak, wat vir 'n termyn van twee jaar gegeld het. Na die stigting van die Wintergraan Produsente-organisasie (WPO) het laasgenoemde die benoemings vir lede van die Koringraad gemaak.

## Sorghum

| | |
|---|---|
| Voor 1945 | Geen beheer |
| 1945 - 1948/1949 | Mielieraad bedryf eenkanaalpoelstelsel as tydelike maatreël |
| 1949 - 1957 | Geen beheer |
| 1957/1958 | Mielieraad bedryf eenkanaalpoelstelsel |
| 1957/1958 - 1985 | Mielieraad bedryf vloerprysstelsel as deel van die Somergraanskema |
| 1986 - 1997 | Sorghumraad gestig – bedryf surplusverwyderingskema |
| 1997 | Sorghumraad afgeskaf |

### *Aard en omvang van beheer*

Tradisioneel was sorghum in bestaansboerderye geproduseer en verbruik, sonder bemarkingstrukture van enige aard. Selfs nadat kommersiële produsente begin het om dit op groter skaal te verbou, was die bemarking daarvan aanvanklik nie baie suksesvol nie.

Vanaf 1945 tot die 1948/1949-seisoen het die Mielieraad die bemarking van sorghum as 'n tydelike maatreël hanteer om 'n eenkanaalbemarkingstelsel vir sorghum daar te stel en die bemarking meer georden te bestuur. Vanaf 1949 was daar weer geen formele beheer oor die bemarking van sorghum nie, totdat dit in die 1957/1958-seisoen opnuut deur die Mielieraad oorgeneem is.

In daardie seisoen is 'n poelstelsel vir die bemarking van sorghum bedryf, maar vanaf die volgende seisoen is 'n vloerprysstelsel as 'n stabiliserende maatreël vir plaaslike pryse ingestel wat tot in 1985 deur die Mielieraad as deel van die Somergraanskema bedryf is. Die vloerprysstelsel was 'n minder omvattende beheerskema as die eenkanaalskema wat ten opsigte van mielies gegeld het. Dit het in wese behels dat die Mielieraad 'n prys aangekondig het waarteen die Raad bereid was om sorghum van produsente te koop wat dit nie elders teen hoër pryse van die hand kon sit nie.

Die prys, wat gewissel het na gelang van die klas en graad sorghum, was dus 'n minimum perk, of vloer, waarbenede die produsenteprys nie kon daal nie en vandaar die verwysing na "vloerprys". Die vloerprys is aan die begin van die seisoen deur die Mielieraad vasgestel, met goedkeuring van die Minister van Landbou. Tot en met die 1964/1965-seisoen het die vloerprys elke jaar vanaf 1 Mei tot 31 Oktober van krag gebly, maar in die 1965/1966-seisoen is die aanvangsdatum tot 1 April vervroeg.

Wanneer die vloerprys aangekondig is, het die Mielieraad ook die minimumprys bekend gemaak waarteen hy sorghum, wat teen die vloerprys aangekoop is, vir binnelandse verbruik sou verkoop. Laasgenoemde prys was gewoonlik ietwat hoër as die vloerprys ten einde voorsiening te maak vir die Mielieraad se koste ten opsigte van sorghum en die handel aan te moedig om soveel as moontlik van sy behoefte vroeg in die seisoen direk van die produsente aan te koop.

Kragtens die vloerprysskema het dit die handel vrygestaan om sorghum direk van produsente aan te koop en daarmee handel te dryf, anders as in die geval van die eenkanaalbemarkingstelsels wat ten opsigte van mielies en koring gegeld het. Daar was ook geen prysvoorskrifte vir dié verhandeling nie.

In die praktyk het die Mielieraad sorghum slegs in die vernaamste produksiegebiede direk vanaf produsente aangekoop. Dit was duidelik omskrewe gebiede en het die destydse provinsies van Transvaal en die Oranje-Vrystaat en enkele landdrosdistrikte in die Kaapprovinsie en Natal ingesluit. Die Mielieraad het sorghumagente in daardie gebiede aangestel om sorghum wat ingevolge die skema van produsente verkry is, teen voorgeskrewe tariewe namens die Raad te hanteer en op te berg, volgens

**DIE EERSTE VROULIKE LID VAN DIE KORINGRAAD WAS ME AJE NEL WAT OP 1 MAART 1945 AANGESTEL IS AS VERTEENWOORDIGER VAN DIE VERBRUIKERS. SY WAS AFKOMSTIG VAN POTCHEFSTROOM, WAAR SY VIR 'N TYDPERK OOK DIE BURGEMEESTER VAN DIE DORP WAS.**



Klankgreep: Die Sorghumraad is gestig na komiteelede in die Mielieraad afgeskeep gevoel het – mnr Piet Skinner.

voorskrifte deur die Raad neergelê. Die opbergingsfasiliteite het aan die agente, wat hoofsaaklik uit landboukoöperasies bestaan het, behoort.

### *Aanstelling en registrasie*

Sorghumhandelaars was aanvanklik, tot 2 Maart 1984, nie verplig om as sulks by die Mielieraad te registreer nie, maar verwerkers van sorghum wel. Alle sorghumagente en vervaardigers van sorghumprodukte in die Republiek moes maandelikse opgawes van al hulle transaksies in sorghum en sorghumprodukte aan die Raad verstrek. Sorghumhandelaars, daarenteen, was nie verplig om opgawes van hulle transaksies in sorghum by die Raad in te dien nie, behalwe dié wat in sekere geïdentifiseerde gebiede, wat van tyd tot tyd gewissel het, sorghum vir eie rekening aangekoop het.



**Die verbouing van sorghum vir saaddoeleindes.**

### *Uitvoer*

Die Mielieraad het nie self die uitvoer van sorghum onderneem nie. Die uitvoerbare surplus is op voorafbepaalde tye per tender vir uitvoerders aangebied, wat self verantwoordelik was vir die verkoop en verskeping aan oorsese kopers. Die Mielieraad het egter toegesien dat die nodige logistieke reëlings getref word om die sorghum aan die suksesvolle tenderaar in die hawe te lewer, gewoonlik in die graansilo by die Durbanse hawe.

Vervaardigers van sorghummout moes 'n spesiale heffing aan die Raad betaal op mout wat hulle verkoop het. Die opbrengs van die heffing is in 'n spesiale heffingsfonds gestort wat hoofsaaklik gebruik is om verliese met sorghumuitvoere te dek.

**OP 30 APRIL 1973 WAS DAAR IN TOTAAL 20 SORGHUMAGENTE AANGESTEL.**

### *Inmengskema*

In die Mielieraad se verslag oor die sorghumbedryf in 1973 word verslag gedoen oor 'n inmengskema wat ingestel was wanneer die uitvoerpryse van sorghum laer as dié van geelmielies was, wat gewoonlik die geval was. Indien daardie verskil groter was as die verskil in die onderskeie waardes van die twee grane as veevoer, het die Mielieraad sorghum teen 'n diskonto beskikbaar gestel vir gebruik in veevoere, as alternatief vir geelmielies. Die diskonto was gebaseer op die verskil in die voerwaardes van die onderskeie produkte.

Dit het beteken dat groter hoeveelhede geelmielies uitgevoer kon word, teen 'n beter netto resultaat. Die netto finansiële uitwerking van die transaksie is dan gelykop tussen die sorghum- en die mieliebedryf verdeel.

### *Selfbeskikking*

'n Groeiende behoefte aan selfbeskikking vir die sorghumbedryf het uiteindelik uitgeloop op onderhandelings tussen die Nasionale Sorghumkomitee van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie, die Nasionale Bemarkingsraad en die Minister van Landbou.

Die grootste argument ten gunste van die daarstelling van 'n onafhanklike Sorghumraad was dat die bedryf so groot was dat dit die reg behoort te kry om sy eie bemarking te kan behartig. Die argument is deur die Nasionale Sorghumkomitee ondersteun en deur die Nasionale Bemarkingsraad aanbeveel, wat die Minister oorreed het om die beheerraad vir die bedryf te vestig.

Die destydse Minister van Landbou, mnr Greyling Wentzel, het op 22 November 1985 aangekondig dat 'n onafhanklike bemarkingsraad vir die sorghumbedryf gestig gaan word. Die nuwe Sorghumskema, wat op 31 Januarie 1986 afgekondig is, was steeds 'n vrywillige vloerprysskema en was in die hele land van toepassing.

Daarmee het die Mielieraad se beheer oor die bemarking van sorghum tot 'n einde gekom. Die Sorghumraad het die funksies wat dit met betrekking tot die bemarking van sorghum oorgeneem het, tot met die afskaffing van die beheerrade in 1997 verrig.

Sorghumbemarking is gedurende hierdie tyd met weinige inmenging bedryf en die Sorghumraad is beskou as 'n voorloper wat deregulering betref. Die Raad se bemarkingsreëlings, insluitende die voorgestelde vloerprys, is jaarliks vir goedkeuring aan die Minister van Landbou voorgelê.



Die landbou-koöperasies het voortgegaan om as agente van die Sorghumraad op te tree vir die ontvangs en versending van sorghum en vir die betalings wat aan produsente gemaak moes word.

### *Missie en doelstellings*

Die Sorghumraad se belangrikste strewe was om langtermynstabiliteit en -groei in die sorghumbedryf te bevorder.

Die doelstellings van die Sorghumraad was:

- Om die bemarking van sorghum en sorghumprodukte, insluitende die uitvoer daarvan, ooreenkomstig die bepalings van die Bemarkingswet en die Sorghum-skema te orden; en
- om die vraag na sorghum en sorghumprodukte ooreenkomstig die bepalings van die Bemarkingswet en die Sorghumskema te bevorder of te stimuleer, hetsy binne of buite die RSA.

### *Funksies en bevoegdhede*

Die vernaamste funksies en bevoegdhede van die Sorghumraad was:

- Om markinligting te verskaf;
- om teen die prys of die grondslag wat die Minister goedkeur, sorghum of sorghumprodukte te koop en te verkoop;
- om die surplusverwyderingskema te administreer;
- om bystand te verleen vir navorsingswerk ten opsigte van sorghum of sorghumprodukte;
- om 'n databasis en inligtingsdiens te vestig;
- om markontwikkeling te onderneem en die vraag na sorghum en sorghumprodukte te stimuleer;
- om met die oog op verkryging van fondse, heffings op sorghum en sorghumprodukte in te stel;
- om 'n inspeksiediens in te stel ten einde, onder andere, die invordering van heffings te kontroleer; en
- om onder sekere omstandighede beperkings te plaas op die verkoop van sorghum.

Navorsing wat deur die Sorghumraad gedoen is, is deur statutêre heffings befonds.

### *Agente*

Dit was hoofsaaklik die landboukoöperasies wat as agente van die Sorghumraad opgetree het vir die ontvangs en opberging van surplus sorghum. Opbergingsfasiliteite het aan die agente behoort wat deur die Sorghumraad vir die koste van opberging en hantering van sorghum vergoed is. Die koöperasies het gewoonlik ook produksiekrediet vir die verbouing van sorghum aan produsente verskaf.

### *Samestelling*

Die Sorghumraad is uit nege lede saamgestel, synde verteenwoordigers van produsente (5), moutvervaardigers (1), veevoervervaardigers (1), die groothandel (1) en agente van die Raad (1).



**BEPERKTE HOEVEELHEDE SORGHUM IS UITGEVOER EN 'N INVOERTARIEF IS OP INVOERE GEHEF. IN- EN UITVOERE VAN SORGHUM WAS ONDERHEWIG AAN KWANTITATIEWE BEHEER.**

Verder is die Sorghumraad deur verskeie komitees bedien, naamlik 'n Navorsingsadvieskomitee, Navorsingskundigheidskomitee, Bemarkingskundigheids- komitee, Saadkundigheidskomitee en Advertensie- en Promosiewerkgroep.



## Oliesade

| | |
|---|---|
| Voor 1934 | Koöperatiewe samewerking |
| 1934 | Grondbone Produsente Adviserende Komitee |
| 1952 | Oliesaadbeheerskema en Oliesaadbeheerraad – sonneblom en grondbone – eenkanaalpoelstelsel |
| 1994 | Beheer opgehef |
| 30 September 1997 | Oliesaderaad afgeskaf |

### *Koöperatiewe samewerking*

Probleme wat in die vroeë stadiums van kommersiële grondboneverbouing in Suid-Afrika met oorskotproduksie van eetmarkgrondbone ontstaan het, het 'n behoefte aan die georganiseerde bemarking van grondbone geskep, wat tot die stigting van koöperatiewe organisasies aanleiding gegee het. Die eerste daarvan het in die Noord-Transvaalse gebied (Limpopo) tot stand gekom, waarskynlik omdat dit destyds die enigste grondboonproduserende gebied in Suid-Afrika was.

### *Grondbone Produsente Adviserende Komitee*

Met verloop van tyd het die behoefte aan groter samewerking in die grondbonebedryf toegeneem, wat tot samesmeltings van koöperatiewe ondernemings aanleiding gegee het. In 1934 het dit uitgeloop op die stigting van die Grondbone Produsente Adviserende Komitee deur die destydse Waterberg Koöperatiewe Landbouers Vereniging en ander rolspelers in die bedryf. Die Komitee, wat uit verteenwoordigers van sowel produsente as persers saamgestel is, is later met 'n amptelike Grondbone Adviserende Komitee ondervoorsitterskap van die Sekretaris van Landbou vervang.

Ten einde die grondboonnywerheid gedurende die depressiejare van die 1930's te ondersteun, het die Regering die invoerregte op grondbone verhoog en verorden dat geen permitte vir die invoer van grondbone vir persdoeleindes toegestaan sou word nie, tensy bewys gelewer kon word dat die plaaslike surplusproduksie deur die parsnywerheid opgeneem is. Die prys waarteen die surplus grondbone in Suid-Afrika aan die parsnywerheid beskikbaar gestel is, is jaarliks na oorlegpleging tussen die Grondbone Produsente Adviserende Komitee en die Departemente van Landbou en van Handel en Nywerheid vasgestel.

Intussen het die koöperatiewe produsente-organisasies 'n sentrale koöperasie vir oliesade gestig met die oog op onderlinge raadpleging en bespreking van die belange van die oliesadebedryf. Dié sentrale koöperasie het hom saam met die Grondbone Adviserende Komitee vir die daarstelling van 'n eenkanaalbemarkingskema in terme van die Bemarkingswet van 1937 beywer.

### *Oliesaadbeheerskema en Oliesaadbeheerraad*

Op 25 Februarie 1952 is die Oliesaadbeheerskema ingevolge die Bemarkingswet van 1937 afgekondig, wat die tydperk van regulering van die oliesaadbedryf ingelui het.

Die Oliesaadbeheerskema het voorsiening gemaak vir die stigting van 'n Oliesaadbeheerraad (die Oliesaderaad) waaraan sekere magte, bevoegdhede en verpligtinge ten opsigte van grondbone en sonneblomsaad opgedra is. Die Oliesaderaad was ingevolge die Oliesaadbeheerskema gemagtig om as die enigste koper van die genoemde oliesade op te tree en op 18 April 1952 is 'n proklamasie uitgevaardig in terme waarvan die verkoop van grondbone en sonneblomsaad deur produsente aan enige iemand anders as die Oliesaderaad verbied is. Hierdie beheer is in 1968 ook na sojabone uitgebrei.

Al die belangegroepe in die oliesadebedryf was op die Oliesaderaad verteenwoordig, maar in ooreenstemming met die vereistes van die Bemarkingswet, het die meerderheid van die Raad se lede uit produsente bestaan.

Ten einde vir befondsing van die Oliesaderaad voorsiening te maak, is statutêre heffings op sonneblomsaad en gedopte sowel as ongedopte grondbone ingestel. Die eerste heffings was vasgestel op een sjieling per 100 lb (45,36 kg) gedopte grondbone, agt pennies per 100 lb ongedopte grondbone en sewe pennies per 100 lb sonneblomsaad.

### *Funksies en magte*

Die Oliesaderaad se roetinefunksies het die aankoop, voorbereiding, gradering, vervoer, uitvoer en verkoop van oliesade ingesluit, terwyl dit ook 'n inligtingsverskaffingsfunksie ten opsigte van oliesade vervul het. Die behoefte aan 'n betroubare inligtingsdiens het met verloop van tyd toegeneem weens groter internasionale mededinging en gepaardgaande prysskommelings.

Die Oliesaderaad was gemagtig om met die Minister van Landbou se goedkeuring 'n verskeidenheid van magte en pligte uit te voer, wat die volgende ingesluit het:

- Die instelling van 'n verbod op die verkoop van oliesade aan iemand anders as die Oliesaderaad;
- die vasstelling van oliesaadpryse, oplegging van heffings en skepping van reserwefondse;
- die opstel van graderings- en verpakkingsregulasies; en
- die belegging van fondse en verkryging van vaste eiendom.

Die Oliesaderaad het, soos die ander beheerrade, agente aangestel om produkte namens die Raad te ontvang, te gradeer, op te berg en te versend. Produsente se vergoeding vir produkte wat hulle aan die Oliesaderaad gelewer het, is ook deur middel van die agente aan hulle betaal. Die Oliesaderaad het sover dit moontlik was die bestaande hanteerders van oliesade as sy agente aangestel, aangesien hulle reeds oor kundigheid en fasiliteite beskik het.

Vanaf die einde van 1952 het die Oliesaderaad inspekteurs aangestel met die doel om, onder andere, ouditinspeksies en ander ondersoeke by agente uit te voer, graderingsgeskille te besleg, ondergraadprodukte te gradeer en te verkoop en inspeksies uit te voer op grondbone wat vir die uitvoer- en eetmark bedoel was.

Vanaf 1968 het die Oliesaderaad ook die bemarking van sojabone, benewens grondbone en sonneblom, beheer.

Die Raad se naam is later van tyd gewysig na die Oliesaderaad.

Die Oliesaderaad het 'n eenkanaalpoelstelsel vir oliesade bedryf. Die beheerde bemarking van oliesade het bepaalde voordele vir die bedryf ingehou, insluitende stabiliteit in die mark tot voordeel van sowel produsente as afnemers, verhoogde produksie, uitvoer van grondbone van baie hoë gehalte en korrekte interpretasie van markinligting.

### *Beheer opgehef*

Die bemarkingskema ten opsigte van grondbone is egter weens veranderde omstandighede in die Suid-Afrikaanse politieke bestel en internasionale handel op 22 April 1994 sodanig gewysig dat grondbone vryelik deur produsente verhandel kon word en toegelaat is dat 'n surplusverwyderingstelsel met vrywillige poele en 'n eenkanaaluitvoerstelsel bedryf kon word. Ingevolge die eenkanaaluitvoerstelsel het die Oliesaderaad instansies wat oor voorrade beskik en toegang tot selekteeraanlegte gehad het, vrystelling verleen om, onderhewig aan die betaling van die voorgeskrewe heffings, grondbone uit te voer.

Hierdie wysigings het meegebring dat slegs 30% van die grondbone-oes in 1994 aan die Oliesaderaad verkoop is. Grondbone wat wel aan dié Raad se vrywillige poele gelewer is, is geselekteer en sowel binnelands as in die buiteland verhandel.

Sedert Julie 1995 het die Oliesaderaad se rol as uitvoerder van grondbone in effek verval. Die Raad is egter deur die Minister van Landbou aangestel om gehaltebeheer toe te pas op alle grondbone wat vir uitvoer bestem was, ten einde Suid-Afrika se aansien ten opsigte van kwaliteitstandaarde te probeer behou. Die Oliesaderaad het 'n belangrike rol gespeel in die verskaffing en koördinering van



inligting en het 'n onafhanklike diens ten opsigte van monsterneming en gradering gelewer.

Die Wet op die Bemarking van Landbouprodukte van 1996 het vereis dat alle bestaande bemarkingsrade 'n besigheidsplan aan die Minister van Landbou en Bosbou en die Nasionale Landbou Bemarkingsraad (NLBR) moes voorlê binne 30 dae nadat die NLBR wat in terme van dié Wet aangestel is, die eerste keer vergader het. Dit moes aanbevelings insluit oor die wyse waarop die afsluiting van die betrokke Raad se werksaamhede bestuur sou word.

Enige versoeke deur die bedryf vir statutêre maatreëls, moes volledig in die besigheidsplan gemotiveer word. Die kernbeginsel was dat statutêre maatreëls asook voorstelle vir die herstrukturering van funksies van die Oliesaderaad, met eenparige aanbevelings van die bedryf ondersteun moes word, by gebreke waarvan die Minister self oor maatreëls vir deregulering kon besluit.

Aangesien die NLBR op 6 Januarie 1997 vir die eerste sou vergader, het dit geïmpliseer dat die besigheidsplan vir die oliesadebedryf, soos vir die ander landboubedrywe, in die eerste week van Februarie 1997 aan die NLBR voorgelê moes word.

Die oliesadebedryf se besigheidsplan is na uitgebreide onderhandelings tussen al die rolspelers in die bedryf aan die Minister van Landbou voorgelê. In die besigheidsplan is voorsiening gemaak vir die volgende strukture wat na die sluiting van die Oliesaderaad na die bedryf se belange sou omsien:

- Die **Olie- en Proteïensade Ontwikkelingstrust (OPOT)**, wat in Hoofstuk 3 bespreek word.
- Die **Oliesade Advieskomitee (OAK)**, wat uit tien verteenwoordigers van die bedryf saamgestel is en op 1 Desember 1997 vir die eerste keer vergader het. Die OAK moes in terme van die OPOT-trustakte deur die trustees geraadpleeg word alvorens OPOT 'n besluit oor enige versoek vir finansiële ondersteuning geneem het.

  Die OAK was in terme van die trustakte verantwoordelik vir die aanstelling van trustees op OPOT, met die uitsondering van die ministeriële verteenwoordiger. Die Komitee se primêre funksie was egter om inligting- en navorsingsprojekte in belang van die breë bedryf te evalueer en dit vir befondsing na OPOT te verwys.
- Die **Navorsingsprioriteitskomitee** was 'n komitee van die OAK wat getaak was om navorsings- en ander projekte in belang van die bedryf te identifiseer, evalueer en aanbevelings daaroor aan die OAK voor te lê.
- **SAGIS**, wat in Hoofstuk 3 bespreek word.
- **Bedryfsforums**, wat gebore is uit die behoefte van die onderskeie bedryfsektore om steeds na die uitfasering van die Oliesaderaad oor gemeenskaplike bedryfsake met mekaar te skakel. Dit het, onder andere, gradering, gesondheidsregulasies en navorsingsbehoeftes ingesluit.

  Die volgende forums is gestig:
  - Grondboneforum (1996)
  - Sonneblom- en Sojaboonforum (1997).

  Al die rolspelers in die waardeketting kon vergaderings van die forums bywoon. Besluite is op 'n konsensusbasis geneem. Indien die verteenwoordigers nie konsensus oor 'n aangeleentheid kon bereik is nie, het die betrokke Forum 'n tegniese komitee aangestel om die aangeleentheid verder te ondersoek en aanbevelings aan die Forum voor te lê.
- Die rolspelers in die bedryf het die voortsetting van die **tegniese dienstefunksie** wat die Oliesaderaad oor 'n tydperk van meer as 40 jaar ontwikkel het, as noodsaaklik beskou. Dit het die toepassing van kwaliteitstandaarde, lewering van analitiese dienste en opleiding van gradeerders ingesluit. Hierdie funksie is vanaf 1 September 1997 met goedkeuring van die Minister van Landbou na die Perishable Products Export Control Board (PPECB) oorgedra.

### *Oliesaderaad afgeskaf*

Die dereguleringsproses van die oliesadebedryf is na aanvaarding van die besigheidsplan afgehandel en op 30 September 1997 het die Oliesaderaad sy werksaamhede afgesluit. Daarna is 'n Likwidasiekomitee aangestel om die reëlings vir afhandeling van die Oliesaderaad se uitstaande sake te hanteer.





## Ondersoek na deregulering afgeskop

Reeds met die aanvanklike ondersoeke na en aanvaarding van eenkanaalbemarking in Suid-Afrika het ernstige meningsverskille daaroor bestaan. Die Kommissie van Ondersoek insake Samewerking en Landboukrediet (1934) het dit ten sterkste afgeraai en die mening is by verskeie geleenthede uitgespreek dat die stelsel nie oor die lang termyn kan werk nie. Die sogenaamde Kassier-verslag (1992) het ook redes aangevoer waarom dit nie langer kon voortgaan nie en uitgewys hoe dit aansluit by die motivering vir die aanvanklike teenkanting teen die stelsel.

Ten spyte van al die teenkanting teen beheerde bemarking is herhaaldelik deur verskeie forums uitgewys watter enorme rol die stelsel in die vestiging, ontwikkeling en vooruitgang van die landboubedryf in Suid-Afrika gespeel het. Uiteindelik, egter, het die dryf na 'n vryemarkstelsel geseëvier en is die landboubemarkingslandskap in Suid-Afrika in 1997 eensklaps radikaal verander.

Dit blyk dat die faktore en omstandighede wat die grootste bydrae tot die verslapping van beheermaatreëls, uiteindelike afskaffing van die eenkanaalbemarkingstelsels en gevolglike deregulering van landboubemarking in Suid-Afrika gemaak het, vanuit die mieliebedryf afkomstig was. Die weerstand wat met verloop van tyd teen die Somergraanskema en die maatreëls wat daarkragtens ingestel is, opgebou het, tesame met die toenemende wêreldwye beweging na vrye handel, het 'n wesenlike rol in die proses gespeel, meer as enige ander landbouvertakking.

Veranderende omstandighede as gevolg van die hoë groeikoerse van die Suid-Afrikaanse ekonomie in die 1960's en 1970's (5% en 3%, onderskeidelik), tesame met 'n verskeidenheid van beleidsveranderings in die latere gedeelte van daardie tydperk, het daarop begin dui dat die landbousektor gereed was vir verandering.

In 1976 is 'n kommissie van ondersoek na die Bemarkingswet, die Wentzel-kommissie, deur die Parlement aangestel om verslag te doen en aanbevelings voor te lê oor die struktuur van beheerde bemarking, met spesifieke verwysing na die samestelling, bevoegdhede en funksies van die Nasionale Bemarkingsraad, die historiese ontwikkeling van beheerde bemarking, sekere aspekte van die toepassing van die bemarkingskemas en die funksies van die beheerrade.

Die Kommissie het bevind dat 'n mate van staatsbeheer oor die bemarking van landbouprodukte wel nodig was. Hulle was van mening dat die beheerraadstelsel wat met verloop van tyd ontwikkel is, 'n belangrike bydrae tot gesonde en gebalanseerde landbou-ontwikkeling in Suid-Afrika gemaak het. Die Kommissie het ook verskeie aanbevelings gemaak wat na hulle mening onmiddellik aandag moes geniet.

Die 1980's is gekenmerk deur volgehoue druk om die beleidsrigting te verander. In 1983 het die Jacobs Komitee 'n verslapping van die eenkanaalbemarkingstelsel voorgestel, wat egter deur die Minister van Landbou verwerp is. In 1984 is 'n Witskrif oor Landboubeleid deur die Minister van Landbou ter tafel gelê, waarvan die doelstellings was om ekonomiese, politieke en sosiale stabiliteit te verseker deur 'n ekonomies gesonde landbousektor te bevorder, natuurlike landbouhulpbronne te optimaliseer en dit te bewaar.

Politiek-ekonomiese druk in hierdie tyd het tot 'n meer markgerigte benadering in die bemarking van landbouprodukte in Suid-Afrika bygedra. Hoewel die bemarkingstelsel aanvanklik nie totaal hervorm is nie, is die benadering ten opsigte van die toepassing van die Bemarkingswet met verloop van tyd meer markgerig aangepas.

In die mieliebedryf het deregulering in effek al vanaf 1987 begin toe die Mieliebemarkingskema van 'n eenkanaalvasteprysskema na 'n eenkanaalpoelskema verander is en die Mielieraad toegelaat is om self oor die vasstelling van die mielieprys te besluit. Dit is wel volgens 'n vasgestelde basis gedoen en het tot gevolg gehad dat mieliepryse jaarliks gefluktueer het, maar die Staatsbeheer is verslap.

Die Mielieraad het ook begin om direkte transaksies tussen produsente en plaaslike verbruikers toe te laat en die beperkings in hierdie verband mettertyd geleidelik verslap. Geringe prysdifferensiasie is tussen verskillende lokaliteite toegelaat, 'n teken dat deregulering aan die orde van die dag was. Die enorme tekort wat teen die middel tot laat 1980's in die Stabilisasiefonds vir mielies opgebou het, het verskeie rolspelers en beleidsvormers laat besef dat die stelsel nie op die bestaande



basis kon voortgaan nie en het verder bygedra tot die druk vir 'n verandering in die beheerde bemarkingstelsel.

Meer in die algemeen het druk op internasionale vlak toegeneem vir die afskaffing van kwantitatiewe beheermaatreëls en staatsubsidies op landbouprodukte.

In 1991 het die geelmielieverwerkers en -verbruikers 'n totaal gedereguleerde mark vir geelmielies voorgestel en in 1992 het 'n beleidswerkgroep van die Mielieraad voorgestel dat direkte mielieverkope tussen produsente en verbruikers uitgebrei moet word, maar steeds met behoud van die eenkanaalstelsel.

Daar is ook begin met 'n afskaling van prysbeheer op 'n hele aantal kommoditeite en 'n beweging na meer markgerigte stelsels van prysvorming, weg van die koste-plus-prysbepaling van vroeër.

Produsente se toenemende ontevredenheid met sekere aspekte van beheerde bemarking op landbouprodukte, asook die swak prestasie van die landbousektor in terme van produktiwiteit, het verdere druk op die stelsel geplaas. Die ekonomiese omgewing vir landbou is wesenlik geaffekteer deur veranderings in die makro-ekonomiese beleid, waarvan die belangrikste die strenger monetêre beleid deur middel van rentekoersverhogings en 'n verswakking van die valutakoers. Die hoër rentekoerse van die 1980's het ook 'n verandering in die Land Bank se benadering ten opsigte van subsidies meegebring en fiskale ondersteuning is gedurende die tydperk tussen 1987 en 1993 met ongeveer 50% verminder.

Die Minister van Landbou se aanwysing in Junie 1992 van 'n Kommissie van Ondersoek na die Bemarkingswet was waarskynlik die hoofgebeurtenis wat die proses van markderegulering vanaf die begin van 1993 ingelei het. Na aanleiding van die Kommissie se verslag is agt bemarkingsrade afgeskaf.

Vanaf 1993 het die argument dat produsente se vergoeding meer in lyn met die beginsels van vraag en aanbod gebring moes word, al sterker geword. Die mening dat oneffektiwiteite in die mark deur gesonde mededinging opgelos moet word en markmeganismes geskep moes word om toetrede vir nuwe deelnemers moontlik te maak, het gegroei.

Hierdie argumente en omstandighede het die weg gebaan vir deregulering van landboubemarking in Suid-Afrika. Dit is ondersteun deur druk afkomstig van die onderhandeling van die Algemene Ooreenkoms op Tariewe en Handel (AOTH) vir die afskaffing van kwantitatiewe beheer en die instelling van tariewe op landboukommoditeite met die oog op, onder andere, die vermindering van die rol van regerings en die bevordering van mededinging.

Suid-Afrika het as 'n stigterslid van die AOTH sedert die aanvang van die Uruguay-samesprekings in 1986 deelgeneem aan al die onderhandelings daarvan tot en met die ondertekening van die Marrakech-ooreenkoms in Desember 1993 en die ondertekening van die finale ooreenkoms van die Wêreld Handelsorganisasie (WHO) in 1994. Sommige kommentators en kenners was van mening dat, gesien in die lig van Suid-Afrika se afhanklikheid van internasionale handel, Suid-Afrika nie anders kon as om deeglik kennis te neem van dié ooreenkomste nie.

Landbouhandel in Suid-Afrika is tradisioneel deur kwantitatiewe beheermaatreëls in terme van die Bemarkingswet beheer. Ingevolge die Marrakech-ooreenkoms moes hierdie tipe beheermaatreëls met 'n bepaalde tariefstelsel vervang word ten einde die produkte vir uitvoer by die WHO geregistreer te kry. Die ooreenkoms het die verdere oogmerk gehad dat die tariewe met verloop van tyd verminder moes word.

Hoewel die AOTH-ooreenkomste nie net oor landbouprodukte gehandel nie, was dit die sektor waarop die tariefverlagings wat daaruit voortgespruit het, die grootste impak gehad het. Suid-Afrika het gevolglik teenvoorstelle vir die implementering van die ooreenkomste voorgelê. Suid-Afrika se voorstel dat dit as ontwikkelende land geklassifiseer word, is nie aanvaar nie, maar die VSA was wel bereid om 'n voorstel te steun dat Suid-Afrika as 'n "ekonomie in 'n oorgangsfase" beskou kon word, soortgelyk aan die voormalige kommunistiese state in Oos-Europa.

Na 1994 het die nuwe Suid-Afrikaanse regering 'n beleid vir hervorming van die handel in werking gestel wat besigheid in die land dikwels blootgestel het aan

tariewe wat selfs laer was as die vasgestelde tariewe waarop in die Uruguay-rondte van die AOTH ooreengekom is.

Vir die 1994/1995-seisoen is die pryse, heffings en ander bemarkingsreëlings ten opsigte van landbouprodukte deur die Minister van Landbou bepaal en was al die rolspelers verplig om dit te eerbiedig. As gevolg van ontevredenheid van verskeie rolspelers hiermee, het die Minister opdrag gegee dat 'n nuwe mieliebemarkingskema vir die 1994/1995-seisoen ontwikkel moet word, vir welke doel die sogenaamde Mieliefasiliteringskomitee (MFK) onder leiding van mnr Attie Swart in 1994 ingestel is.

Die MFK se aanbevelings is deur die Mielieraad aanvaar en die skema is deur middel van die Nasionale Bemarkingsraad (NBR) aan die Minister voorgelê. Die Minister het egter nie die aanbevelings aanvaar nie, oënskynlik as gevolg van die invloed van die Voorsitter van die NBR. Weens die NAMPO-kongres se uiterste ontevredenheid met die Minister se besluit, is die MFK versoek om die saak weer te oorweeg. Uiteindelik is die MFK se effens gewysigde voorstel aanvaar. Die belangrikste elemente daarvan was:

- Verkooppryse sal sonder enige statutêre inmenging in die markplek gevorm word.
- Die Mielieraad sal 'n surplusuitvoerpoel bedryf en alleen die Mielieraad mag mielies uitvoer.
- 'n Stabilisasieheffing sal volgens 'n vaste formule op alle binnelandse verkope gehef word om die produsenteprys van die surplusuitvoerpoel te stut.

In opdrag van die Minister is die samestelling van die Mielieraad onveranderd gelaat, soos ook die beheerde gebiede.

In 1996 is die eenkanaaluitvoerpoele aangepas om direkte uitvoere deur internasionale handelaars toe te laat.

Intussen is 'n Mielie-advieskomitee in 1995 as 'n beleidmakende liggaam vir die Mielieraad ingestel. Dié komitee is saamgestel uit verteenwoordigers van al die belangegroepe in die bedryf: NAMPO, verbruikers, verwerkers, kopers en die Departement van Landbou. Hoewel die besprekings van die Mielie-advieskomitee by geleentheid groot onenigheid tussen die verskillende belangegroepe tot gevolg gehad het, is die mening gehuldig dat dit waarskynlik tog 'n betekenisvolle rol gespeel het in die bewusmaking van produsente dat deregulering onafwendbaar was en hulle dus beter daarop kon voorberei.

Reeds in 1991 met die aanknoping van formele gesprekke tussen die Staat, georganiseerde landbou en die besigheidsektor oor Suid-Afrika se stelsel van beheerde landboubemarking, was die meerderheid van die partye van mening dat beheerde bemarking onversoenbaar met 'n vrye mark vir landbou was en beëindig moes word. Dit, aangehelp deur die ander faktore wat kortliks genoem is en die verandering in die politieke bestel in Suid-Afrika in 1994, het uiteindelik uitgeloop op die aanvaarding in 1996 van die Wet op Bemarking van Landbouprodukte en, voortspruitend daaruit, die afskaffing van die bemarkingsrade.



**Klankgreep: Die Mielieraad het 'n verteenwoordigende groep uit die bedryf op 'n oorsese toer gestuur om bemarkingstelsels van lande met graanmarkte wat reeds gedereguleer was, te ondersoek – dr Chris Wentzel.**



**Klankgreep: Die Mielie-advieskomitee was 'n sinergie tussen verteenwoordigers van NAMPO, graankopers, die meulenaars en verbruikers – mnr Cerneels Claassen.**



**Klankgreep: Kommunikasie in die Mielie-advieskomitee is destyds gestruktureer in 'n binne- en 'n buitekring – mnr Jannie de Villiers.**

